

Die Hantering van Polisemie (en die oorvleueling
daarvan met Homonimie) in die
Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
en **Verklarende Afrikaanse Woordeboek**

deur

BRANWELL ROHAN HILL



"Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Prof. R.H. Gouws"

Februarie 1997

"Verklaring

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Datum: 17 Februarie 1997

OPSOMMING

In hierdie skripsie word die hanteringswyses van Polisemie en, in samehang daarmee, Homonimie wat deur twee Afrikaanse woordeboeke gevolg word, ondersoek.

Polisemie en Homonimie oorvleuel dikwels in die twee bronne onder bespreking, en dit lei uiteeraard tot die oordra van misleidende inligting aan die woordeboekgebruiker.

Aspekte van sodanige oorvleueling waarna in hierdie skripsie gekyk word, sluit in die geneigdheid tot 'n diachroniese eerder as 'n sinchroniese indeling, doeblatte, nuutskeppings en bykomende betekenisonderskeidings, die grens tussen polisemie en homonimie, die etimologie van woorde, samestellings waar die stam van die primêre betekenisonderskeiding weggegroei het, fleksievorme en enkele afleidings, subwoordelike leksikale items, uitdrukkings, konsekwente ordening van polisemiese waardes, polisemiese en homonimiese verwysing en woorde wat semanties verbleek het.

Ook word 'n voorstel gemaak vir die konsekwente ordening van homonieme (wat tans op lukrake manier gedoen word).

Omdat polisemie en homonimie 'n groot deel van woordeboeke beslaan, is dit baie belangrik dat hedendaagse leksikograwe ten volle op hoogte van dié twee semantiese kategorieë moet wees, hulle onderverdeling, asook hoe sulke inligting op konsekwente wyse aan die gebruiker oorgedra moet word.

SUMMARY

In this study project the ways of handling Polysemy and, in context, Homonymy followed in two Afrikaans dictionaries are examined.

There is often an overlap between polysemy and homonymy in the two dictionaries, which naturally conveys misleading information to the dictionary user.

Aspects of such overlaps that are discussed in this paper include the inclination to a diachronical arrangement rather than a synchronical approach, doublets, neologisms and additional senses, the boundary between polysemy and homonymy, the etymology of words, compound words where the root has grown away from the original sense, flection forms and some derivations, subverbal lexical items, expressions, consistent arrangement of polysemous values, polysemous and homonymous reference and words that

have faded semantically.

A proposal is also made for the consistent arrangement of homonyms, which is currently made on a haphazard basis.

Polysemy and homonymy cover a great deal of dictionaries; therefore it is very important that contemporary lexicographers must be well informed about these two semantic categories, their subdivision, as well as how such information must be conveyed to the user in a consistent manner.

Bedankings

- allereers aan God, wat dié werk moontlik gemaak het;
- aan my gesin en familie vir die ondersteuning;
- aan vriende (veral Desmond) vir belangstelling en pitkos.
- aan professor Rufus Gouws vir sy getroue bystand, sonder wie se leiding hierdie werk nie moontlik sou wees nie.

Hierdie skripsie word opgedra aan my kinders Clair en Aegar (en ook Tristam) - as bewys dat ek nie net leeggelê het nie.

Die Hantering van Polisemie (en die oorvleueling
daarvan met Homonimie) in die
Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal
en Verklarende Afrikaanse Woordeboek

INHOUD

- HOOFSTUK 1. Inleiding
- HOOFSTUK 2. Aanduidingswyses
- 2.1 Polisemiese lemmas
- 2.2 Homonimiese lemmas
- HOOFSTUK 3. Verskillende probleme met die onderskeid tussen polisemie en homonimie
- 3.1 Homograwe
- 3.2 Homofone
- 3.3 Meerfunksionaliteit
- 3.4 Sinchroniese indeling teenoor diachroniese indeling
- 3.5 Die hantering van doeblette
- 3.6 Sinchroniese uitbreiding
- 3.7 Die grens tussen polisemie en homonimie
- 3.8 Etimologiese verskille tussen poliseme
- 3.9 Die opname van komplekse lemmas
- 3.10 Onderskeid by sommige fleksievorme

- 3.10.1 Meervoudsvorme
- 3.10.2 Verkleiningsvorme
- 3.10.3 Verledetydsvorme
- 3.10.4 Trappe van vergelyking

- 3.11 Onderskeid by enkele afleidings
- 3.12 Polisemie of homonimie by streeplemmas?
- 3.13 Polisemie ten opsigte van uitdrukkings

HOOFSTUK 4. Die mikrostrukturele ordening van polisemiese waardes

- 4.1 Primêre betekenis en metaforiese uitbreiding
- 4.2 Soort by soort
- 4.3 Inkonsekwente ordening

HOOFSTUK 5 Die hantering van homonime

- 5.1 Die makrostrukturele ordening van homonime
- 5.2 Voorstelle vir die rangskikking van homonime

- HOOFSTUK 6. Polisemiese en homonimiese verwysing
 - 6.1 Polisemiese verwysing
 - 6.2 Homonimiese verwysing

- HOOFSTUK 7. Kontekstuele leiding by polisemiese inskrywings
 - 7.1 Die rol van ensiklopediese inligting
 - 7.2 Semantiese verbleking

- HOOFSTUK 8. Slot

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Die **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal** (HAT) en **Verklarende Afrikaanse Woordeboek** (VAW) is **eentalige** woordeboeke - slegs lemmas wat betrekking het op die Afrikaanse leksikon kom hier aan die orde. Die twee woordeboeke kan ook beskryf word as **linguistiese sinchroniese** woordeboeke, waarmee bedoel word dat die taalkundige aspekte van leksikale items die vertrekpunt is, met 'n spesifieke stadium van Afrikaans in gedagte. Sowel HAT as VAW is **standaardwoordeboeke (handwoordeboeke)**, wat beteken dat hulle as gesaghebbende norme van die standaardvariëteit van Afrikaans beskou moet word (Gouws 1989:69).

Albei bronne het die woord verklarende in hul titel - dit beteken dat verklaring van betekenis hier primêr is. Benewens betekenisverklaring word ander aspekte van betekenis, byvoorbeeld leiding oor betekenisverhoudings waaronder sinonimie, teenoorgesteldheid en polisemie ook aan die woordeboekgebruiker weergegee.

Die betekenisverhouding **polisemie** wat in hierdie

skripsie onder die loep kom, is die verskynsel "dat 'n enkele leksikale item verskillende onderskeidings kan hê wat almal 'n onderlinge verwantskap vertoon" (Gouws 1989:121).

Hierteenoor is daar die verskynsel **homonimie**: "onverwante betekenis (word) as vormlik soortgelyke items geleksikaliseer" (121).

Volgens Feinauer (1995:10) stem die onderskeie betekenisonderskeidings van 'n leksikale item ooreen. Sy sê verder dat daar met een woord verskillende betekeniswaardes in verskeie kontekste geaktiveer kan word. Die woord **kerk** het byvoorbeeld verskillende betekenisonderskeidings wat geaktiveer kan word:

Ons **kerk** is onlangs herstel (gebou).

Ons **kerk** begin om nege-uur (diens).

Ons **kerk** is een van baie in ons dorp (genootskap).

Die **kerk** het hom onder sensuur geplaas (gesag van die kerk).

Hieruit is dit duidelik dat daar in 'n woord se betekenisveelheid een betekenisonderskeiding is wat die kern is en as vertrekpunt dien (Feinauer 1995:10). 'n Mens kan dit ook tipeer as die primêre

betekeniswaarde van 'n woord (of sy prototipiese betekeniswaarde - dit is gewoonlik die woord se letterlike betekeniswaarde); al die ander betekenisonderskeidings word hiervan afgelei en kry dan eintlik 'n oordragtelike (figuurlike) betekenis (10). Dié metaforiese betekenis van die woord kan ontstaan op grond van voorkoms, funksie, ensovoorts. **Boom** is sekerlik van voorkoms 'n baie goeie voorbeeld: die kernbetekenis is dat dit 'n plant is met 'n dikkerige stam, maar 'n mens kan ook met **boom** na 'n groot man verwys (duidelik 'n oordragtelike betekenis). Die tweede betekenisonderskeiding by **tang** illustreer weer metaforiese uitbreiding ten opsigte van funksie:

tang 1. Stuk gereedskap ...

2. (wamakery) Dik, sterk hout wat dwars tussen die skamelbed en draaibord van 'n wa se voorstel vaskom, die disselboom en die langwa met mekaar verbind, en die wa krink

(Odendal 1994:1067) - my onderstreping.

By **homonimie** het 'n mens aan die ander kant met meer as een leksikale item te doen, en dié items stem ooreen ten opsigte van spelling en uitspraak, maar daar is geen betekenisverwantskap tussen die leksikale

items nie. 'n Voorbeeld hiervan is **meer** (watermassa) x **meer** (vergroterende trap). Gouws (1989:123) toon aan dat homonimie onder andere raakgesien kan word uit woorde se verskillende etimologieë: **kanna** ('n plant met veelkleurige blomme en ovaal blare - Odendal 1994:490) kom uit Grieks canna wat dun riet beteken; **kanna** (eetbare bolplant (490)) kom uit Khoekhoens/Koikoi.

Uit hierdie inleidende opmerkings is dit duidelik dat die hantering van polisemie aan die leksikograaf heelwat hoofbrekens kan besorg (daar is 'n kernbetekeniswaarde én ander oordragtlike betekeniswaardes; en van dié oordragtlike betekenisonderskeidings is ook nog gradeerbaar). Hieruit volg dat betekenisonderskeidings aan die verste punt van die kernbetekenis later nie meer 'n verbindbare betekenis met die kern het nie - dit is een van die maniere waarop homonimie dan ontstaan. 'n Voorbeeld hiervan word gevind as HAT (Odendal 1979:111) met HAT (Odendal 1994:104) vergelyk word. **Bort** het in eersgenoemde bron die twee polisemiese waardes:

1. Galbulte.
2. Sien BOORT.

In HAT 1994 het dit geword:

bort¹ Sien BOORT.

en

bort² Velsiekte.

In HAT (Odendal 1979:191) word die volgende inskrywing ook gevind:

- eersteklas**¹ 1. In die eerste afdeling, klas ...
2. Uitstekend, puik.

Hierteenoor het dié tweede polisemiese waarde van **eersteklas**¹ 'n tweede homoniem **eersteklas**² (Odendal 1994:185) geword.

Deur 'n leksikograaf se aanbieding van 'n lemma as polisemies of as deel van 'n homonimiese paar dui hy betekenisverwantskap al dan nie aan. Daar gaan vervolgens gekyk word na die hantering van polisemie in samehang met homonimie soos dit in bogenoemde twee woordeboeke na vore kom.

HOOFSTUK 2

AANDUIDINGSWYSES

2.1 POLISEMIESE LEMMAS

HAT 1994 merk verskillende polisemiese waardes (wat volgens konvensie binne een artikel hanteer word) met vetgedrukte Arabiese syfers. Ook VAW 1993 gebruik dié aanduidingswyse, met 'n punt daarna. HAT se voorwerk toon aan dat die meeste betekenisonderskeidings deur voorbeeldsinne opgehelder word. VAW daarenteen verskaf geen voorbeeldsinne nie. VAW gaan moontlik van die veronderstelling uit dat die omringende konteks waarin 'n bepaalde leksikale item optree, nie bepalend is vir die betekenis daarvan nie (dié afleiding word gemaak in die lig van die afwesigheid van die so noodsaaklike voorwerkinligting hieroor). Gouws (1989:131) sê egter dat voorbeeldmateriaal deel behoort te wees van 'n woordeboekartikel (Odendal 1994 sê ook juis in sy voorwerk dat 'n woordeboek soos HAT "byna waardeloos" sou wees sonder voorbeeldmateriaal), maar dat dit onontbeerlik is in die geval van 'n polisemiese lemma. In hierdie opsig is HAT se voorneme om "verskillende betekenisonderskeidings ... met soveel voorbeelde van hulle gebruikstoepassing as wat die ruimte toelaat" (Odendal 1994:voorwerk) aan te bied, aanprysens-

waardig.

2.2 HOMONIMIESE LEMMAS

Albei bronne maak van verhewe syfers gebruik om gevalle van homonimie aan te dui, maar geeneen verskaf verdere inligting, byvoorbeeld oor watter manier van ordening ten opsigte van homonieme gevolg word nie (dit is 'n wesenlike probleem waaraan leksikograwe beslis aandag moet gee).

Daar word byvoorbeeld nie gesê of gebruiksfrekwensie prioriteit gaan geniet nie. Dit is juis nie die geval by die onderstaande lemma in HAT nie:

rok¹ (w.g.) Fabelagtige groot voël

rok² Kledingstuk vir vroue ...

(Odendal 1994:866).

VAW handhaaf wel dié tipe ordening ten opsigte van gebruiksfrekwensie in die onderstaande voorbeeld, maar laat na om aan te dui dat die eerste homoniem die figuurlike een is (trouens, VAW ignoreer dié etiket strykdeur):

miskleed¹. Miswolk soos 'n kleed oor 'n berg of landskap.

miskleed² ... Kleding by die misdiens gedra.

(Labuschagne & Eksteen 1993:512).

Geeneen dui byvoorbeeld ook aan of die patroon wat HAT by uitdrukkings volg (van selfstandige naamwoord eerste, gevolg deur byvoeglike naamwoord, bywoord, werkwoord of voorsetsel - of 'n soortgelyke een) ook hier gevolg gaan word nie.

Die gebruiker is dus op homself aangewese wat leemtes soos dié betreffende die hantering van polisemie en homonimie aangaan, en dit doen natuurlik afbreek aan die gesag van albei woordeboeke.

HOOFSTUK 3

VERSKILLENDE PROBLEME MET DIE ONDERSKEID TUSSEN POLISEMIE EN HOMONIMIE

3.1 HOMOGRAWE

Homograwe tree op waar twee of meer woorde dieselfde gespel word, maar verskillend uitgespreek word en ook geen betekenisverwantskap toon nie. De Stadler (in Botha 1989:100) beskou homograwe as 'n baie lae graad van homonimie, en albei bronne hanteer homograwe ook in ooreenstemming hiermee.

Voorbeelde hiervan is:

aanvaar (Odendal 1994:11)

ballas (59)

dele (134)

edik (181)

gelyktonig (257)

hektogram (357)

indien (418)

kanon (490), en

magie (Labuschagne & Eksteen 1993: 479)

omhang (564)

pers (641)

roman (715)
sandaal (740)
uitasem (960)
voorkom (1049).

3.2 HOMOFONE

Homofone is woorde wat in klank ooreenstem, maar ten opsigte van spelling en betekenis verskil. Voorbeelde in HAT is:

dan en **Dan** (Odendal 1994:130)
fes, **Fes** (211)
let, **Let** (614)
rand, **Rand** (837)
tartarus, **Tartarus** (1068).

In hierdie gevalle is daar slegs verskil tussen die spelling met 'n kleinletter of met 'n hoofletter.

Daar is egter ook voorbeelde soos

de, **dè**, **dê**, **de** (Odendal 1994:131;

Labuschagne & Eksteen 1993:124),

wat ten opsigte van spelteken verskil.

Sowel HAT as VAW hanteer bogenoemde gevalle as homonimie.

Homofone verskil egter ook dikwels opvallend in spelling, byvoorbeeld **fiets x viets, peil x pyl, rys x reis**, ensovoorts. Omdat homonimie vormlike identiteit voorvereis, kan hiér dus nie sprake van homonimie wees nie.

3.3 MEERFUNKSIONALITEIT

Die leksikograaf moet hom nie deur lekseme laat verwar nie: Gouws (1989:128, 129) sê uitdruklik dat leksemiese klassifikasie vormlik en nie semanties van aard is nie (vergelyk **kap, gekap** en **kappery** as vorme van dieselfde lekseem, en plaas dit teenoor die lekseem **kap, kapsel** en **kapster**). Woordeboeke beskryf leksikale items en nie lekseme nie (Gouws 1989:129), en dus behoort die meerkusionele lemmas van byvoorbeeld **durf** (Odendal 1994:177), soos inderdaad die geval is, as polisemiese waardes aangedui te word, en nie as homonime nie.

VAW 1993 se leksikograwe beskou egter die optrede van byvoorbeeld **durf** (160) as selfstandige naamwoord en as werkwoord as verskillende lekseme en gaan ook van die standpunt uit dat 'n woordeboek lekseme (en nie leksikale items nie) beskryf; daarom dat dié twee optredes van die leksikale item **durf** as homonime hanteer word (trouens, VAW 1993 hanteer leksikale

items wat meer as een funksie het, strykdeur as homonieme). Dié tipe homonimie word deur De Villiers as **grammatiese homonimie** benoem (in Gouws 1989:128). Die probleem is dat gebruikers nie hierdie inskrywings kan onderskei van **homonieme** nie. Gouws sê verder dat dié klassifikasie nie plek het binne die leksikografie nie omdat homonimie nie grammaties beoordeel word nie, maar semanties.

Ondersteuning vir Gouws se standpunt word gevind in Botha (1989:108). De Stadler toon aan dat 'n leksikale item soos **hoes** in VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:269) se sintaktiese optredes as selfstandige naamwoord en as werkwoord 'n duidelike betekenisverband vertoon. Die homonieme se definiense lees as volg:

hoes¹, (s) ... Plotselinge uitstoting van lug deur die prikkeling v.d. asemhalingsorgane

hoes², (w) ... 'n Hoes voortbring of hê; geluid soos 'n hoes maak

Hoes² word in terme van **hoes**¹ se definiens beskryf; daarom dat De Stadler argumenteer dat die tweede (of derde, of verdere) sintaktiese optrede van 'n leksikale item se betekenis van die eerste afgelei word. De Stadler meen ook dat die betekenisverband tussen die optredes van byvoorbeeld **hoes** hierbo baie

sterker is as byvoorbeeld die optrede as polisemiese waardes tussen VAW (1993:327) se

kat, -te. 1. Huisdier bekend as *muisvanger*;

huiskat.

en

4. Snipperige, venynige vrou.

Die betekenisverband tussen polisemiese waarde **1** en **4** is baie swakker as gevolg van die metaforiese betekenisuitbreiding - wat verder opmerklik is omdat VAW 1993 nie van die etiket (*fig.*) in gevalle soos **4**. hierbo gebruik maak nie. HAT 1994 gebruik dit wel, alhoewel nie deurgaans nie, byvoorbeeld juis by **kat** se polisemiese waardes:

4 *neerhalend*) Vals of snipperige vrou of meisie

5 Aangename nooi - soms neerhalend gebruik

6 'n Flink, 'n bekwame kêrel (in sy werk);

ramkat

(By die vierde polisemiese waarde behoort die etiket (*fig.*) ook te verskyn.)

HAT 1994 se hantering van meerfunksionaliteit is dus eerder aan te beveel bo VAW 1993 s'n.

3.4 SINCHRONIESE INDELING TEENOR DIACHRONIESE INDELING

Al twee die woordeboeke onder bespreking is sinchronies van aard; dus behoort die leksikograwe homonimie en polisemie as sodanig te benader. Ponelis (in Webb 1992:81) gee egter blyke van die teendeel: die Afrikaanse leksikografie het nog nie losgekam van sy oorsprong deur die vertaling uit Nederlandse woordeboeke nie, en hulle is volgens Ponelis dan in dié lig nie werklik verteenwoordigend van Standaardafrikaans nie. In baie gevalle word 'n betekenisonderskeiding wat hedendaags slegs in Nederlands geld, ook nog steeds as 'n betekenisonderskeiding in Afrikaans beskou - ten spyte daarvan dat Afrikaanssprekendes dit heeltemal vreemd mag vind. Dit staan bekend as 'n diachroniese benadering en impliseer veral 'n chronologiese ordening van polisemiese waardes; met ander woorde, die gebruiklikste polisemiese waarde sal meer na die einde van die poliseemreeks voorkom. 'n Diachroniese benadering kan ook verwys na die voorkoms van 'n item of betekeniswaarde (vergelyk die voorbeeld by **hut** hieronder). Hieruit volg dus dat daar (meestal) 'n tweede homoniem in plaas van 'n addisionele polisemiese waarde as leksikale item in Afrikaanse woordeboeke opgeneem behoort te word (met 'n etiket om aan te dui dat die bepaalde betekeniswaarde verouderd is).

Hiervan is daar heelwat voorbeelde in die twee woordeboeke - 'n paar voorbeelde volg ter illustrasie.

Die leksikale item **beuel** het in HAT (Odendal 1994:83) slegs twee polisemiese waardes, maar VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:78) 11, en Van Dale 15 (De Tollenaere & Persijn 1984:130,131). 'n Oppervlakkige afleiding hieruit is dat VAW feitlik alle Nederlandse betekenisonderskeidings oorgeneem het. 'n Dieper ondersoek toon dat dit inderdaad so is. VAW plaas egter tog die primêre onderskeiding in Afrikaans eerste, teenoor HAT wat nie dié ordeningsmetode hier volg nie.

Al twee woordeboeke volg dus hier eerder 'n diachroniese as 'n sinchroniese benadering. 'n Korrekter hanteringswyse kan op HAT se woordeboekinskrywing gebaseer word, en behoort dan soos volg te lyk:

beuel¹ (-s) Blaasinstrument

beuel² (-s) (*veroud.*) Ringvormige of

gebuijgde (metaal)voorwerp,

bv. aan 'n ploeg, hangslot,

sabel, ens.

HAT (Odendal 1994:158) se **domino**-leksikale item het, net soos Van Dale s'n (De Tollenaere & Persijn 1984:220) twee polisemiese waardes, nl.

1 Spel met 28 plat steentjies ...

2 Lang, los kleed, ...

en VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:144) ook twee - wat met mekaar verband hou. HAT draai net Van Dale se twee om (die primêre onderskeiding in Afrikaans word dus eerste geplaas). VAW se hantering is miskien nader aan korrek, want Afrikaanssprekendes ken nie HAT se tweede diachroniese betekenisonderskeiding nie. HAT behoort dus hier ook eerder 'n tweede homoniem te hê, met die gebruiklike (*veroud.*)-etiket.

Onder die alfabetletter **e** verskaf VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:165) eintlik self 'n aanduiding van sy diachroniese benadering deur die etiket (Ou betekenis) by polisemiese waarde **6**.

eerlik ...**6**. (Ou betekenis) heel, bruikbaar, in
orde

Hierin stem dit ooreen met Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:165) se lemma:

eerlijk, ... -3. fatsoenlijk

Polisemiese waarde **6**. by VAW behoort vanuit 'n sinchroniese perspektief dus eerder 'n tweede homoniem

te wees.

Sowel HAT (Odendal 1994:217,218) as VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:188) maak onder **fluit**¹ (albei as polisemiese waarde **3**) voorsiening vir Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:271) se betekenisonderskeiding:

fluit ... -4. hoog drinkglas,
waaruit albei se diachroniese benadering weer eens blyk. Ook hierdie betekenisonderskeiding is vir Afrikaanssprekendes vreemd en behoort eerder as tweede homoniem opgeneem te word.

HAT (Odendal 1994:231) en Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:280) se definiense by **gaffel** is feitlik identies. (VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:194) maak nie vir die seilvaart-betekenisonderskeiding voorsiening nie.) HAT se tweede polisemiese waarde behoort eerder 'n homoniem te wees.

Deur HAT (Odendal 1994:404) se etiket (*meer Ndl.*) by **hut** se derde polisemiese waarde ("Skeeps kajuit") blyk ook die leksikograwe se diachroniese benadering - dié onderskeiding is aan Afrikaanssprekendes onbekend.

Ook VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:281) se tweede polisemiese waarde by **hut** gee blyke hiervan. Dit kom ooreen met Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:380):

- hut** ... -2. (scheepst.) eert.: verblijfplaats
 van stuurlieden en officieren aan
 boord
 -3. passagiersverblijfje op een schip

HAT (Odendal 1994:437) se betekenisonderskeidings by

- inrigting** ... 4 Toestel, gewoonlik as deel van
 'n werktuig
 5 Toebehore

(wat albei skakel met VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:293) se vierde en vyfde polisemiese waardes) korreleer met die Nederlandse

- inrichting** ... -2. toestel, inz. als deel van
 een groter werktuig
 -3. het in orde maken

Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:400).

Hierdie betekenisonderskeiding val vir die hedendaagse Afrikaanssprekende vreemd op die oor.

Sowel HAT (Odendal 1994:505) as VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:328) volg Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:175) se voorbeeld in die hantering van **cataract** ... 1. waterval; -2. staar.

Albei neem die poliseemorde net so oor, ofskoon Afrikaanssprekendes sekerlik nie meer kan assosieer met die eerste polisemiese waarde as synde 'n betekenisonderskeiding van **katarak** nie. HAT en VAW behoort dié leksikale item as volg te hanteer:

katarak¹ Oogsiekte

katarak² Waterval ...

HAT (Odendal 1994:619 - polisemiese waarde **2**) en VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:454 - polisemiese waarde **3**) tree in navolging van Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:561) op deur **lier** ook as hystoestel (benewens die bekende musiekinstrument) onder dieselfde lemma op te neem.

Onder die letter **m** volg HAT (Odendal 1994:648) ook Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:604) na deur die opname van **larwe** as vyfde polisemiese waarde van **masker** (dit is Van Dale se sewende polisemiese waarde). VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:489) tree hier korrekter op deur glad nie hiervoor voorsiening

te maak nie.

Nael met die betekenis spyker (Odendal 1994:687, Labuschagne & Eksteen 1993:534) kom ook ooreen met Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:658) se tweede onderskeiding, maar daar behoort eerder tweede homonieme in Afrikaanse woordeboeke te wees.

Vir Afrikaanssprekendes beteken **ongewild** "om nie populêr te wees nie". Sowel HAT (Odendal 1994:731) as VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:577) neem ook die (enigste) Nederlandse betekenis van **ongewild**, nl. "niet beoogd" (De Tollenaere & Persijn 1984:716) boonop as eerste polisemiese waarde op. Dit is duidelik dat hier 'n diachroniese hanteringswyse gevolg is.

Afrikaanssprekendes is nie bekend met die oorgelewerde Nederlandse **papegaai** as 'n "houten vogel op een staak, waarnaar door de schutters geschoten wordt" (De Tollenaere & Persijn 1984:786) nie. HAT (Odendal 1994:782) het dit wel opgeneem - weliswaar met die etiket (*hist.*) wat tog in 'n sin die diachroniese benadering bevestig. VAW 1993 maak nie vir dié betekenisonderskeiding van **papegaai** voorsiening nie.

In Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:913) is "opschrift, titel boven een afdeling in een boek (oorspr. met rood geschreven of gedrukt)" **rubriek** se primêre betekenisonderskeiding - wat vir Afrikaanssprekendes vreemd klink. Tog is dit by al twee Afrikaanse woordeboeke onder bespreking 'n betekenisonderskeiding (polisemiese waarde **2** by VAW 1993:724 en polisemiese waarde **3** by HAT 1994:876). Daar behoort weer eens aparte homoniemlemmas opgeneem te word, indien hierdie waarde hoegenaamd in 'n Afrikaanse handwoordeboek behoort te verskyn.

Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:968) toon onder die letter **s** onder andere aan dat **snuiter** 'n "werktuig om de verbrande pit van kaarsen af te knipen" is. Ten spyte daarvan dat dié betekenisonderskeiding in Afrikaans in onbruik verval het ('n argaïsme is), hou sowel HAT (Odendal 1994:969) as VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:814) vol dat dit sinchronies hanteer moet word; trouens, VAW sien dit as die primêre betekenisonderskeiding. (Albei woordeboeke hanteer **snuit** op dieselfde verkeerde manier.)

Die betekenisonderskeiding van **tong** as 'n "soort platvis" (HAT 1994:1093, VAW 1993:937) het vir baie Afrikaanssprekendes nie meer die skakeling met **tong**

wat Nederlanders mag aanvoel nie (vergelyk Van Dale 1984:1049,1050); daarom behoort dié waarde onder 'n tweede homoniemlemma in Afrikaanse woordeboeke te wees.

HAT (Odendal 1994:1219) en VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:1037) hanteer **vloot** as 'n bakkie, kommetjie steeds op diachroniese wyse, anders as wat Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:1139) doen: dié **vloot/vlootje** is 'n aparte lemma, teenoor sy homoniemlemma wat as 'n groep skepe bekend staan.

Afrikaanssprekendes ken nie die onderstaande betekenisonderskeiding nie:

wiek ... 3 Lamppit (Odendal 1994:1279, vergelyk ook Labuschagne & Eksteen 1993:1095)

Hier is weer eens 'n navolging van Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:1184).

Leksikograwe van sinchroniese Afrikaanse woordeboeke gee misleidende inligting aan die hedendaagse woordeboekgebruiker weer deur bogenoemde verkleefdheid aan 'n diachroniese hanteringswyse. 'n Verdere homoniemlemma sal korrekte inligting in sulke gevalle oordra. So 'n lemma moet nie as primêre homoniem

gerangskik word nie. Ook behoort 'n etiket om die diachroniese skakeling aan te dui, verstrekkend te word.

3.5 DIE HANTERING VAN DOEBLETTE

Doeblette is "(w)oorde wat uit dieselfde grondwoord ontwikkel het maar na vorm en gebruik/betekenis verskil" (Van der Merwe & Ponelis 1991:51). Soos duidelik hieruit blyk, is daar tussen sulke tweelingwoorde geen betekenisverwantskap nie; daarom dat De Villiers (in Gouws 1989:127) doeblette sien as die "finale oorgang van polisemie tot homonimie" (Gouws 1983:201). Hierop sê Gouws (201) dat die leksikograaf in sy woordeboek dus dié betekenisverskil moet deurvoer deurdat daar verskillende lemmas vir sulke woorde moet wees (met na my mening geen betekenisverwysing na mekaar nie).

Vervolgens gaan na 'n paar gevalle gekyk word waar leksikograwe in die twee woordeboeke onder bespreking na aanleiding van bogenoemde feite misleidende betekenisinligting oordra.

HAT (Odendal 1994:41,42) hanteer **ambag** x **amp** heeltemal korrek, maar VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:38,39) dui verkeerdelik aan dat **ambag** ook 'n beroep is - **ambag** dui eerder op handewerk, terwyl beroep ('n

geestesaktiwiteit) eerder onder **amp** tuishoort:
 "Openbare betrekking, waartoe iem. benoem is." (39).

In HAT (Odendal 1994:13,49) kom die volgende
 woordeboekinskrywings voor:

aardig ... **2** ... naar, mislik: *Aardig* voel van
 die ... kos. **3** Ongemaklik ... skaam:
*Ek het te aardig gevoel om die geld
 te vat. 4* Snaaks, ...: *As jy vir jou
 aardig hou, trap ek.*

arig ... *Aardig*, in onaangename sin: **1** Naar,
 ...: *Ek voel arig van die kos. 2*
 Skaam; ongemaklik: *Ek het te arig
 gevoel om die geld te vat. 3* ...
 snaaks: *As jy jou arig hou, help ek
 jou nie.*

Die groot ooreenkoms blyk duidelik uit bogenoemde
 gegewens, met **arig** wat aardig boonop as sinoniem het -
 hierdeur kan groot verwarring by die gebruiker
 ontstaan. In plaas daarvan dat HAT 1994 die
 betekenisverklarings herhaal, kan daar slegs by **arig**
 'n kruisverwysing na **aardig 2, 3** en **4** gegee word.

VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:14,46) verwys wel nie in die definieus van **arig** na aardig nie, maar "mislik, naar" kom ook tog ooreen met die vyfde polisemiese waarde onder **aardig**.

Sowel HAT as VAW verskaf misleidende inligting in hulle hantering van **blaadjie x bladje**. HAT (Odendal 1994:89,90) hanteer dit as volg:

blaadjie (-s) 1 Vkw. van *blad*. 2 Koerantjie.

3 Voorwerp wat aan 'n blad, blaar laat
dink ...

bladje (-s) Vkw. van *blad*² - veral van 'n
slagding.

blad¹ ... Blaar

blad² (blaaie) 1 Plat, breë deel van sommige
voorwerpe ... 4 (b) Koerant,
tydskrif ... 5 (b) Vleissnit van
sommige diere wat van die
boonste gedeelte van die
voorbeen kom ... 7 Blaar van
die kaktusplant

Die gebruiker word somer dadelik verwar, want by **blaadjie** se eerste polisemiese waarde word nie aangedui of na **blad**¹ of **blad**² verwys word nie (trouens,

dit is 'n algemene tekortkoming in HAT). Die tweede polisemiese waarde dui op **blad² (4(b))**, maar die derde verwys weer na **blad¹** - dit sal die gebruiker beslis verwar dat twee homonieme as twee polisemiese waardes in hul verkleiningsvorme gesien word.

Die sewende polisemiese waarde van **blad²** skakel ook nouer met **blad¹** (as blaar); dus het **bladjie** ook teenstrydige gegewens. Sulke verwarrende inligting dra nie by tot 'n woordeboek se strewe as gesaghebbende bron nie.

Ook VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:84) is aan bogenoemde verwarring skuldig (behalwe dat die vorige paragraaf hier nie van toepassing is nie).

Ten opsigte van **bodem x boom** dra veral VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:91, 97) misleidende inligting oor:

bodem, -s. 1. Grondvlak, onderste vlak, boom.

boom¹, (s). 1. Grondvlak van 'n pot, emmer,
ens.

Onder **bodem** is daar 'n verwysing na slegs **boom** - weer 'n verwysingsgebrek, want daar is ook 'n **boom²**. Dit is teenstrydig met die inleidende gevolgtrekkings. (**Boom²** as plant behoort ook die eerste homoniem te wees en

nie **boom**¹ nie - dis die primêre betekenis; HAT voldoen wel hieraan.)

Sowel HAT as VAW se hantering van die doeblette **broos** x **bros** is misleidend. VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:109) se hantering:

broos² ... 1. Baie maklik breekbaar.

bros² ... Baie maklik breekbaar; ...

impliseer verkeerdelik dat bogenoemde twee lemmas gedeeltelike sinonieme ten opsigte van een polisemiese waarde van **broos**² is. 'n Voorbeeldsin (of 'n etiket soos (fig.)) by **broos**² 1 sou die verwarring uitgeskakel het.

HAT (Odendal 1994:112) dui somer blatant aan dat **bros** 'n betekenisonderskeiding van **broos** is (en boonop as eerste polisemiese waarde!).

HAT (Odendal 1994:597) hanteer **kwes** en **kwets** ook korrek (eersgenoemde letterlik en laasgenoemde figuurlik), maar VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:426) se hantering bring verwarring:

kwes ... 3. Pyn aandoen. 4. Beledig.

kwets ... 1. Pyn aandoen (fig.).

2. Beledig, ...

Daar word goed afgeskop met **kwets** se definiens deurdat aangedui word dat dié betekenisonderskeiding op figuurlike vlak geld, anders as by **kwes 3.**, maar polisemiese waarde **4.** van **kwes** behoort nie 'n betekenisonderskeiding van dié lemma te wees nie - dié leksikale item se betekenis lê net op die letterlike vlak.

HAT (Odendal 1994:615) tref wel 'n homonimiese onderskeid tussen **letters** en **lettere**, maar neem **lettere** ook as vyfde en laaste polisemiese waarde van **letter** op (met die meervoud **letters** as eerste polisemiese waarde). VAW (Labuschagne & Eksteen 1993: 448) weerhou hom van hierdie misleidende inligting.

HAT (Odendal 1994:876,877) sien 'n ooreenkoms tussen **ru** en **ruig**:

ru ... **1** Grof; oneffe; nie glad, gelyk nie: 'n

Ruwe oppervlak, plank, steen, rots.

ruig ... **3** Met 'n growwe, harde oppervlak ...

VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:724,725) verskaf nie dié verwarrende inligting nie.

HAT (Odendal 1994:1064,1109) se hantering van **tabak** en **twak** is baie bevredigend: by **tabak** is slegs 'n verwysing na **twak** (sonder 'n betekenisverwantskap), terwyl daar by **twak** wel na **tabak** verwys word (as eerste polisemiese waarde), maar met 'n duidelike etiket (dit geld ook by polisemiese waarde **2** en **3**). Ook VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:905,956) hanteer dié doeblette korrek. In hierdie opsig volg al twee bronne Van der Merwe en Ponelis (1991:51) se siening hieroor.

Sowel HAT (Odendal 1994:1143) as VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:978) se hantering van **vadere** (in die sin van voorvaders) as polisemiese waarde van **vader** wat die meervoud **vaders** kan neem, kan ook misleidend wees: by albei is die implikasie dat alle polisemiese waardes sowel **-e** as **-s** as meervoud kan neem (HAT plaas selfs die minder gebruiklike meervoud **-e** eerste). Dit is egter nie normaal om te praat van "*Wie is julle vadere?*" ('n Aangepaste voorbeeldsin onder polisemiese waarde **1** in HAT). Die betekenisverklarings behoort telkens deur die tersaaklike meervoudsaanduiders voorafgegaan te word.

HAT (Odendal 1994:1149) gee 'n oorvleuelende betekenisverklaring by die volgende twee doeblette:

variasie ... 4 Afwisseling ...

5 Verskeidenheid; vorm wat effens afwyk van 'n ander ...

variëteit ... 1 Verskeidenheid, afwisseling.

3 Ander vorm van dieselfde saak ...

HAT 1994 kan VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:982) se voorbeeld van hantering volg, naamlik om nie van oorvleuelende definiëring gebruik te maak nie, of om by elke onderskeiding 'n voorbeeldsin te gee wat enige verwarring sal uitskakel. Daar kan ook meer kruisverwysings gebruik word.

VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:1032) hanteer **vleis** x **vlees** ook bevredigender as HAT (Odendal 1994: 1214,1215): VAW het 'n etiket (**vero.**) by **vlees** - as eerste polisemiese waarde (alhoewel dit eerder die laaste polisemiese waarde behoort te wees vanweë die etiket), maar HAT dui aan dat **vleis** soms ook **vlees** is; dit dra duidelik ander betekenisinligting oor as in VAW se geval.

Laastens verstrek sowel HAT (Odendal 1994:1243,1289) as VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:1057,1110) misleidende inligting oor **vrank** en **wrang**: dit word in albei lemmas se definiense as sinonieme gehanteer (by VAW is **vrank** die tweede polisemiese waarde van **wrang**).

Gouws (1983:201) se siening oor die hantering van doeblette moet gedurig deur leksikograwe in aanmerking geneem word: "Indien sulke doeblette soos gewone wisselvorme onder een lemma geakkommodeer sou wees, sou die woordeboekgebruiker met reg kon aanvaar dat dié doeblette dieselfde betekeniswaarde het."

3.6 SINCHRONIESE UITBREIDING

Met **sinchroniese uitbreiding** word bedoel dat 'n leksikale "item ... nuwe onderskeidinge bykry" (Gouws 1989:122). Die (sinchroniese) woordeboek wat as nuwe uitgawe verskyn, moet rekenskap gee van sulke polisemiese uitbreidings.

HAT (Odendal 1994:45) gee daarvan rekenskap dat 'n **anker** ook 'n "(p)ersoon, by 'n radio- of TV-program, wat as aanbieder 'n samebindende funksie vervul" is. Dit word ook as laaste polisemiese waarde met die etiket (*neol.*) opgeneem. VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:42) maak nie vir hierdie uitbreiding voorsiening

nie.

HAT (Odendal 1994:62) dui as derde polisemiese waarde onder **baron** aan dat dit 'n "(b)aie belangrike invloedryke persoon" is - weer met die etiket (*neol.*). VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:59) se polisemiese uitbreiding strek nog nie so ver nie.

Nóg HAT (Odendal 1994:121), nóg VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:117) maak voorsiening vir die betekenisonderskeiding "verkeersteken" onder die lemma **chevron**.

Ook by **diakones** dui HAT (Odendal 1994:145) aan dat polisemiese waarde 2 'n (*neol.*) is: "vroulike diaken." By VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:134) is dit die enigste betekenisonderskeiding.

HAT (Odendal 1994:317) dui wel aan dat die tweede polisemiese waarde van **grondvloer** Anglisisties is, maar sê ook dat dit sterk gevestig is in die spreektaal, daarom dat die lemma **grondvloer** sinchronies uitgebrei is. Ook VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:240) maak hiervoor voorsiening (sonder verwysing na 'n Anglisisme - HAT sê tog pertinent dat dit "sterk gevestig" is).

VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:277) maak nie voorsiening vir HAT (Odendal 1994:396) se tweede polisemiese waarde onder **hostel** nie: "Gebou wat 'n aantal werkers, veral op die myne, saam huisves".

Ook ten opsigte van **intelligensie** is HAT (Odendal 1994:446) VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:296) voor: "**2** (*neol.*) Bedrywigheid van kennis (heimlik) inwin; ook, die persone wat hierby betrokke is."

Sowel HAT (Odendal 1994:475) as VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:310) behoort op gesag daarvan dat hulle sinchroniese woordeboeke is, rekenskap te gee dat **Kaaps** ook 'n dialek van Afrikaans is - as tweede gespesialiseerde polisemiese waarde.

'n **Kaparrang** is in Afrikaans ook 'n rubbersandaal, maar nóg HAT (Odendal 1994:493), nóg VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:321) maak hiervoor voorsiening.

HAT (Odendal 1994:577) brei **kosmeties** ook uit tot "oppervlakkige gevolge", en dui aan dat dit 'n neologisme is - dié betekenisonderskeiding ontbreek by VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:401).

Onder die letter **l**, **m**, **n**, en **o** kom daar in HAT 1994 'n algemene gebrek aan polisemiese uitbreiding voor (veral as dit met die res van die woordeboek vergelyk word; dit is eintlik 'n inkonsekwente toepassing van poliseemaanduiding). Daar word deurgaans gebruik gemaak van ook, ook fig. of by uitbr. sonder om soos by "**melodie ... 3 (by uitbr.) ...**" aan te dui dat dit 'n volgende polisemiese waarde is (Odendal 1994:599-775).

Met "apparaat wat 'n radio, kassetspeler, plaatspeler e.d. kombineer" brei HAT (Odendal 1994:682) die lemma **musieksentrum** sinchronies uit; teenoor VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:528) wat dié samestelling glad nie as lemma opneem nie.

Vir **olimpiade** in die sin van "tipe eksamen/ kompetisie waartydens jou kennis van 'n bepaalde vakgebied getoets word", word nóg in HAT (Odendal 1994:712), nóg in VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:563) voorsiening gemaak.

HAT (Odendal 1994:748) se "neig om 'n ander te help, die ander se standpunt te eerbiedig" as tweede polisemiese waarde van **oorbuig** word ook as (neol.) aangetoon, wat VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:591)

nie onderskei nie.

HAT (Odendal 1994:762) en VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:604) versuim albei om voorsiening te maak vir **opkommandeer** in die betekenis van "iets in die algemeen opeis".

HAT (Odendal 1994:779) se tweede polisemiese waarde by **pakket** wat verband hou met 'n "ooreenkoms in die geheel, of 'n salarisaanbod" word eweneens as (*neol.*) geëtiketteer (VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:621) neem nie dié betekenisonderskeiding in aanmerking nie).

HAT (Odendal 1994:915) neem nie VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:759) se "Enigiets waardevols wat tot verhoging van skoonheid dien" as **sieraad** se derde polisemiese waarde op nie.

HAT (Odendal 1994:946) maak egter tog weer voorsiening vir "Ligte, sponsagtige materiaal verkry deur gasblasies daarin te laat vorm" as vierde en laaste betekenisonderskeiding van **skuim**, maar nie VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:791) nie, alhoewel **skuimrubber** as lemma ook hier voorkom.

By VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:794) se **skyflemmas** ontbreek HAT (Odendal 1994:948) se vyfde en laaste polisemiese waarde, naamlik "by die rekenaar, 'n dun magneties behandelde plaat waarop inligting gestoor word". (**Disket** kom tog ook by VAW (1993:140) voor, met **slapskyf** as sinoniem.)

HAT (1994:966) brei **sneeubal** as selfstandige naamwoord uit tot sy werkwoordelike gebruik: "vinnig (en buite beheer) toeneem", maar nie VAW (1993:811) nie.

Albei bronne het **spookasem** as lekkergoed opgeneem (HAT 1994:992; VAW 1993:837).

Nóg HAT (Odendal 1994:1065), nóg VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:908) maak voorsiening vir 'n **takelaar** as "iemand wat 'n stelsel van touwerk by die verfilming van 'n TV-drama behartig".

Tolvry in die betekenis "Sonder betaling van 'n tarief, bv. by die maak van 'n telefoonoproep" (HAT 1994:1092) kom nie in VAW (1993:936) voor nie.

HAT (1994:1210) hou rekening met die rekenaar-tegnologie deur die uitbreiding van **virus** tot "Geheime kode wat in 'n rekenaarprogram ingebring word met die

doel om die stelsel te korrupteer en die data te vernietig." VAW (1993:1028) maak nie hiervoor voorsiening nie.

HAT (1994:1233) behoort **voorkomend**¹ uit te brei met VAW (1993:1049) se polisemiese waarde **3**, naamlik "(w)at verhinder, verhoed, keer".

Dit is uiters belangrik dat leksikograwe by die herdruk van woordeboeke let op lemmas wat nuwe betekenisonderskeidings bygekry het, én dat dit in die woordeboek bygewerk word - dit sal bydra tot die bron as gesaghebbende norm.

3.7 DIE GRENS TUSSEN POLISEMIE EN HOMONIMIE

Taal is dinamies; met ander woorde, leksikale items se betekenis verander met verloop van tyd. Wat dus op een stadium van 'n taal se ontwikkeling as verbandhoudend in betekenis gesien word (as polisemiese waardes dus), kan op 'n later stadium dalk nie meer relevant wees nie. In hierdie afdeling gaan daar vervolgens gekyk word na betekenisonderskeidings wat "verwyderd" geraak het van die kernbetekeniswaarde. Daar is talle voorbeelde hiervan, maar daar gaan volstaan word met enkele voorbeelde.

HAT (Odendal 1994:30) het die volgende inskrywing:

afval ... s.nw. **1** Ontrou **2** Handeling van
ondertoe te val, neer te val **3** Wat
afgeval het, wat so goed as waarde-
loos, onbruikbaar is; oorskot **4** Kop,
pens en pootjies van 'n geslagte dier
- ook as tafelgereg.

Ook VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:28) hanteer **afval**¹
op dieselfde manier (behalwe dat die poliseemorde
effens verskil). Polisemiese waarde **3** en **4** het van die
kernbetekenis verwyderd geraak. 'n Mens kan seker ook
aanvoer dat daar tussen **3** en **4** 'n verdere
betekenisonderskeid te tref is - eg. is waardeloos,
lg. word deur baie mense as 'n heerlike gereg beskou.

Tog kan akkoord gegaan word met **Basiswoordeboek van
Afrikaans** (BVA) (Gouws e.a. 1994:23) se hantering
hiervan, naamlik **afval**² se polisemiese waarde **1** wat met
3 hierbo ooreenstem, en polisemiese waarde **2** wat met
4 hierbo ooreenstem. (Neem ook in ag dat BVA 'n
aanleerderwoordeboek is waarin hoofsaaklik kern-
betekenisse verklaar word.)

VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:63) gaan met die lemma **beer** steeds op diachroniese wyse om: Polisemiese waarde **4** skakel met Van Dale (De Tollenaere & Persijn 1984:115):

II beer ... -3 steunbeer aan de buitenzijde van
kerkmuren enz.

HAT (1994:66) hanteer dit korrek - as verdere homoniem, maar HAT se **beer**¹-lemma, polisemiese waarde **5** behoort ook 'n verdere homoniem te wees. Die "Spekulant wat aandele verkoop ..." kan sekerlik nie meer met die lemma se eerste polisemiese waarde in verband gebring word nie. VAW maak nie vir hierdie polisemiese waarde voorsiening nie; trouens, VAW het dié betekenisonderskeiding hoegenaamd nie opgeneem nie.

Depressie is 'n siekte van die moderne eeu, en sy hantering deur HAT (Odendal 1994:137) as vierde (en laaste) polisemiese waarde van die lemma behoort eerder 'n verdere homoniem te wees, soos VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:128) inderdaad doen.

HAT (Odendal 1994:213) se tweede polisemiese waarde onder **filet** het van polisemiese waarde **1** ("Knoopwerk") en **3** ("Sierlyn") weggegroeï (laasgenoemde twee skakel nouer met mekaar). VAW (Labuschagne & Eksteen

1993:185) het twee **filet**lemmas wat op die voorgestelde wyse gehanteer word.

Gewas in die betekenisonderskeiding "uitgroeiings van liggaamsweefsel" (HAT 1994:277) is gewis te onderskei van 'n "plant of plantegroei", en sowel HAT as VAW (1993:222) behoort dus 'n verdere homoniem **gewas** te hê.

HAT (1994:326 - polisemiese waarde **4**) en VAW (1993:244 - polisemiese waarde **2**.) se **haan** "by 'n vuurwapen" het met **haan** as manlike hoender sekerlik nie meer skakeling nie, en behoort dus ook 'n verdere homoniem te wees.

In HAT (1994:480) word die onderstaande woordeboekartikel aangetref:

kalander² (-s) **1** ... skildvleuelige insekte ...

2 Soort wildehawer ... **3** Volksnaam

vir 'n groot geelhoutboom ...

Hierteenoor hanteer VAW (1993:313) die selfstandige naamwoordelike leksikale items as volg:

kalander¹ ... Insek ...

kalander² ... Soort wildehawer ...

kalander³ ... 1. Soort mangel (pers) ... 2.

Glans (van stowwe).

Insek, wildehawer en mangel het met mekaar niks te make nie, en HAT behoort dit dus ook so te hanteer.

Lêer (HAT 1994:609; VAW 1993:441) as "(i)nhoudsmaat" het heeltemal van die ander betekenisonderskeidings (hen, balk en omslag) weggegroeï, en behoort 'n verdere homoniem te wees.

HAT (1994:653) se **meester**-polisemiese waarde **5**: "Staatsamptenaar ..." het van die kernbetekenis verwyderd geraak, en behoort onder 'n aparte lemma gehanteer te word. VAW (1993:495) maak nie vir hierdie onderskeid voorsiening nie, maar verwys tog onder **Meesterskantoor** en **weesheer** (polisemiese waarde **1.**) daarna - 'n duidelike leksikografiese leemte.

HAT (1994:687) dui onder **nael**¹ aan dat polisemiese waarde **2** verouderd is, en as sodanig is dit eintlik 'n bevestiging dat dié betekenisonderskeiding van die primêre betekenis weggegroeï het. VAW (1993:534) se derde polisemiese waarde onder **nael**¹ het die inskrywing

"klinkspyker", maar dié woord word nie verklaar nie. Die afleiding is dus dat na dieselfde spyker van HAT verwys word, en dat 'n verdere homoniem hier nodig is.

VAW (1993:565) hanteer **omloop** heeltemal korrek:

omloop¹ 1. Sirkulasie, rondgang. 2. Kringloop.
3. Omwenteling.

omloop² ... Roosagtige kruipseer op die vel,
douwurm.

HAT (1994:715) sien hierdie homonieme egter nog verkeerdelik as polisemiese waardes van **omloop**.

HAT (1994:781) hanteer **panga** op dieselfde verkeerde manier:

panga ... 1 Groot kapmes ... 2 Soort vis ...

teenoor die aanbevole hanteringswyse van VAW (1993:625):

panga¹ ... Groot kapmes ...

panga² ... Vis ...

Ring as "(k)erklike vergadering van verteenwoordigers van 'n aantal gemeentes uit 'n bepaalde omgewing" (HAT 1994:862; VAW 1993:709) het ook van die kernbetekenis weggegroeï - die dorpe of ligging van die gemeentes

hoef nie noodwendig 'n ring te vorm nie.

HAT (1994:919) se sewende poliseem van die lemma **sin** ("volsin") behoort soos VAW (1993:763) s'n 'n verdere homoniem te wees, aangesien die vorige ses met die sin van sintuie skakel.

Die "boonste gedeelte van 'n breuk" as betekenisonderskeiding van **teller** (HAT 1994:1075; VAW 1993:919) het van die primêre betekenis verwyderd geraak, en behoort 'n verdere homoniem te wees.

Uitlê (HAT 1994:1124) se vierde polisemiese waarde ("Gereed maak om gekis te word") het ook van die kernbetekenis ("Verduidelik") weggegroeï, en behoort soos by VAW (1993:966) 'n verdere homoniem te wees.

In die meeste gevalle wat hierbo aangehaal is, is die betekenisonderskeiding wat van die kernbetekenis losgegroeï het, die laaste polisemiese waarde. Hierdie gegewe behoort vir die leksikograaf 'n aanduiding te wees dat daar indringender na sulke polisemiese waardes gekyk moet word ten einde korrekter inligting aan die woordeboekgebruiker oor te kan dra.

3.8 ETIMOLOGIESE VERSKILLE TUSSEN POLISEMIESE WAARDES

Gouws (1989:123) toon aan dat homonimie onder andere gesien kan word aan woorde se verskillende etimologieë: **karos** ('n velkometers - Odendal 1994:500) kom uit Khoekhoens; **karos** (rytuig (500) kom uit Frans/Latyn. In hierdie verband is VAW (1993:321) se hantering van **kapel** voorbeeldig: drie **kapel**-lemmas kom voor - **kapel**¹ hou verband met die kerk en kerkverwante sake; **kapel**² dui op 'n slang, en **kapel**³ dui op 'n skoenlapper. Die betekeniswaardes kerk, slang en skoenlapper kom onderskeidelik uit Latyn, Portugees en Frans (Feinauer 1995:13).

Sowel HAT (1994:121) as VAW (1993:117) fouteer dus in hierdie opsig met hul hantering van **Chimera/chimera** (die verskil in spelling behoort al klaar 'n leksikograaf versigtig te stem). HAT dui wel aan dat die hele inskrywing sy oorsprong in die Griekse mitologie het, maar WAT, Deel I (Schoonees e.a. 1956:121) dui aan dat slegs die eerste polisemiese waarde (met die hoofletter) uit die Griekse mitologie kom. HAT dui ook by polisemiese waarde **2** aan dat die tweede polisemiese waarde ("n onpraktiese, onuitvoerbare plan; droombeeld, hersenskim") uit Frans kom. (VAW 1993 dui nie etimologie aan nie.) Ondersteuning hiervoor word gevind in Marckwardt

(1992:231) wat ook twee homoniemlemmas het.

Marckwardt (1992:1343) dui aan dat HAT (1994:168) se eerste polisemiese waarde onder **drieling**, naamlik "(d)rie kinders (diere) wat gelyk uit een moeder (moer) gebore is", met **triplet** se tweede polisemiese waarde ooreenkom (**triplet** kom weer vanaf **triple**, wat sy oorsprong in Grieks het). HAT dui aan dat **drieling** se polisemiese waarde 2 'n "(o)u Hebreeuse inhoudsmaat" is (my onderstreping). Hier is dus ook genoeg aanduiding dat die twee polisemiese waardes se etimologieë verskil en as twee aparte lemmas hanteer moet word. Dit is ook insiggewend dat VAW (1993:153) HAT se tweede polisemiese waarde ignoreer.

HAT (1994:409) het twee polisemiese waardes onder die subleksikale lemma **-ied**. By die eerste polisemiese waarde word die gebruiker verwys na -IDE, waar jy vasstel dit is 'n "(a)gtervoegsel wat ontleen is aan F" (Frans) (407). Polisemiese waarde 2 lui dis 'n "(a)djektiefvormende agtervoegsel afgelei van L." (Latyn). HAT behoort dus hier twee homoniemlemmas **-ied** te hê op grond van etimologie.

HAT (1994:595) het drie polisemiese waardes onder die lemma **kwagga**, en die derde polisemiese waarde het die

onderskeid "Zambiese geldeenheid". Die woord se oorsprong word aangedui as Khoekhoens. VAW (1993:424) maak egter geen melding van die laaste betekenisonderskeiding nie; WAT, Deel VIII (Hauptfleisch e.a. 1991:469) dui dié onderskeid ook nie onder **kwagga** aan nie, maar wel as aparte homoniem **kwacha**. Alhoewel geen etimologie aangedui word nie, laat die spelling blyk dat dit van Zambiese (of Malawiese) oorsprong kan wees. Daar is ook geen betekenisverwantskap tussen 'n dier en 'n geldeenheid nie; daarom dat twee aparte homonieme hier te verwag is.

Sowel HAT (1994:838) as VAW (1993:688) maak by **rantsoen** voorsiening vir twee polisemiese waardes, naamlik "daaglikse hoeveelheid kos of drank" en "losprys". HAT dui aan dat die woord van Franse oorsprong is. Van Dale (1984:866) sien dit egter as twee homonieme, want **rantsoen** met die betekenis "losprys" kom van Oudfrans, en **rantsoen** ("daaglikse hoeveelheid kos of drank") vanaf Frans. HAT en VAW behoort dié lemma dus soos Van Dale te hanteer.

HAT (1994:1084) dui aan dat **titi** twee polisemiese waardes het: "'n nagaap" en "'n boom", en dat die woord se oorsprong Spaans is. Marckwardt (1992:1317)

dui egter aan dat die boom-onderskeiding via Spaans uit Aymaran kom, en die nagaap-onderskeiding ook via Spaans, maar uit Guarani; daarom dat Marckwardt dit as twee homonieme hanteer. HAT behoort dit ook te doen, want daar is geen betekenisverwantskap tussen die twee betekeniswaardes nie. VAW 1993 neem **titi** nie as lemma op nie.

Uit al die gevalle hierbo is daar geen betekenisverband tussen die onderskeie waardes nie, en hulle verskillende etimologieë bevestig net dat leksikograwe dubbel seker moet maak van elke taal van oorsprong. Indien dit nie deeglik nagevors word nie, word verkeerde inligting rakende betekenisverwantskap aan die gebruiker oorgedra, en dit verlaag eweneens die waarde van die woordeboek as gesaghebbende bron.

3.9 DIE OPNAME VAN SAMESTELLINGS

'n Samestelling is die verbinding van twee of meer stamme om 'n nuwe morfologiese eenheid te vorm, byvoorbeeld **afslaanpot**, **motordak**, **tafelpoot**, ensovoorts. Sulke saamgestelde leksikale items wat nie sonder meer deursigtig is nie, word ook in woordeboeke opgeneem.

Een van die faktore wat die opname van samestelling-lemmas kan beïnvloed, is dat een van die samestellingse stamme (meermale die kern of tweede stam) se betekenisonderskeiding van die primêre onderskeiding weggegroei het. Dit het dan tot gevolg dat die woordeboekgebruiker nie meer dié polisemiese waarde met die oorspronklike kan assosieer nie. In sulke gevalle word van leksikografe verwag om die betrokke samestellings as homonieme weer te gee.

HAT (1994:345) sien **hardekool** as sowel "'n boomsoort" as "loodglans" ("'n verbinding van lood en swael" (626)); VAW (1993:252) identifiseer slegs eersgenoemde polisemiese waarde. Ook WAT IV (1961:91) maak onder **hardekool** vir slegs "'n boomsoort" voorsiening en hanteer **loodglans** (poliseem 2 by HAT) as aparte lemma (363). Dit is dus duidelik dat HAT ten opsigte van hierdie samestellingse hantering fouteer.

Ook **kamp** (as "geveg, stryd, worsteling") word steeds deur HAT (1994:487) as 'n polisemiese onderskeiding naas onder meer die primêre betekeniswaarde gesien, teenoor VAW (1993:317) wat dit as aparte homoniem opgeneem het. Dit is daarom ook te verstane dat HAT **kampplek** (verkeerdelik) as "plek waar geveg word" ook as polisemiese waarde van "plek waar gekampeer word"

(HAT 1994:487) beskou (boonop as primêre onderskeiding!). VAW (1993:317) hanteer **kamptrek** tereg as twee homonieme.

Ook HAT se **lugbrug** en **lugweg** (1994:631,632; VAW 1993:468,470) behoort dienooreenkomstig as homonieme gehanteer te word. Albei bronne behoort ook 'n tweede homoniem **lugrooster** as "lys van vlugtye" te hê.

Na aanleiding van Gouws (1983:201,202) se korrekte siening van **kraan**, naamlik dat hyskraan van waterkraan te onderskei is uit 'n sinchroniese oogpunt, behoort ook HAT (1994:1028) en VAW (1993:870) twee **stoomkraan**-lemmas te hê vir "(k)raan vir die deurlaat van stoom" en "(h)yskraan".

HAT (1994:1235,1263), anders as VAW (1993:1051, 1076), sien **voorsien** ("vooruitsien" en "sorg vir") en **wastafel** ("meubelstuk" en "skryftablet") steeds verkeerdelik as verbandhoudend: die betekenisonder skeidings het geen verband met mekaar nie (by **wastafel** verteenwoordig **was**- verskillende homonimiese waardes).

Verkeerde inligting aangaande samestellings kan ook weergegee word as daar nie konstant aangedui word dat 'n verdere polisemiese waarde 'n figuurlike betekenis

oordra nie. Dit is die geval by lemmas in HAT 1994, byvoorbeeld **houtkop** (398), **uitspat**, **uitspel**, **uitspoeg**, **uitspring**, **uitstaan** (1131), ensovoorts. Aanduiding van figuurlike betekenis is 'n algemene tekortkoming in VAW 1993.

Leksikograwe moet dus bedag wees op samestellings en veral let op die kern daarvan, omdat dit dikwels weggegroeï het van die primêre betekenis (of ook 'n verdere homoniem kan wees). Korrekte inligting word ook oorgedra deur oordragtelike betekenis aan te dui.

3.10 ONDERSKEID BY FLEKSIEVORME

3.10.1 MEERVOUDSVORME

HAT (1994:222) neem **forte**¹ ("luid") en **forte**² ("sterk kant") op, maar nie die ooglopende meervoudsvorm **forte** ("vestings") nie. Dié opname sou beter betekenisleiding bewerkstellig het. VAW (1993:190) neem slegs "**forte** hard, sterk" op en nie die meervoudsvorm van **fort** nie.

HAT (1994:346) sou ook beter leiding kan gee deur die opname van die meervoudsvorm **hare** om dit o.a. van die vnw. te kan onderskei. (VAW (1993:252) neem nie die lemma **hare** op nie.)

HAT (1994:524) gee twee homonieme vir **kindsdae** aan:

kindsdae¹ ... Algemeen in die uitdr. van

kindsdae (kindsdag) af ...

en

kindsdae² ... Kinderdae ...

maar is eintlik nou inkonsekwent, want regdeur die woordeboek word verbandhoudende uitdrukkings as laaste deel van die mikrostruktuur oorgedra (wat by die eerste homoniem nie die geval is nie). VAW (1993:341) maak nie vir dié lemma voorsiening nie - wel vir **kinderdag**.

In teenstelling met HAT (1994:608) se hantering van **hare**, word **lede** heeltemal korrek hanteer: die byvoeglike naamwoord sowel as die meervoudsvorm word weergegee. Ook VAW (1993:440) voldoen hieraan. Nou kan 'n mens nie verstaan waarom **name** nie op soortgelyke wyse as **lede** hanteer word nie (HAT 1994:690; VAW 1993:538): by **name** staan daar ook soos by HAT se **lede**² "In die uitdr."; tog ontbreek **naam** se meervoudsvorm.

Benewens **taboes** ("kort sweep") (HAT 1994:1064; VAW 1993:906) verwag 'n mens ook die meervoudsvorm van **taboe** ("heilig, verbode"), en **vodde** ("ou lappe") as eerste homoniem saam met **vodde** ("gedaan").

3.10.2 VERKLEININGSVORME

HAT (1994:12,13) weerspreek homself as 't ware met sy hantering van die verkleiningsvorme van **aar¹** en **aar²**: **aar¹** dui op "deel van 'n plant" en **aar²** op "bloedbuis" (dit wil sê dit is homonieme), maar onder **aartjie** word "Vkw. van **aar¹** en **aar²**" saam hanteer (met 'n tweede betekenisonderskeiding wat eerder by **aar¹** hoort). VAW (1993:13,14) sondig nie op hierdie wyse nie.

HAT (1994:502,503) maak dieselfde fout met die verkleiningsvorm van **kas¹** en **kas²**. VAW (1993:326) se verwysing (of gebrek daaraan) verwar die gebruiker totaal: by **kassie¹** is daar die verklaring "Vkw. van **kas**" (met geen verwysing na watter **kas** ter sprake is nie), en verdere verwarring word geskep met die daaropvolgende "klein kas"; by **kassie³** word tog verwys na "**kas¹**", maar dit klaar geensins die verwarring op nie. By **krans¹** en **krans²** (HAT 1994:581,582; VAW 1993:406) en **veertjie** (HAT 1994:1154,1155; VAW 1993:987,988) word dieselfde fout begaan, en HAT (1994:610) hou ook daarmee vol by **leertjie¹** en **moffie¹** (673), en by **skadetjie** (926), **skoffie** (937), en **skoppie** (940). Sowel HAT (1994:662,663) as VAW (1993:505,506) fouteer ook by **middeltjie** op dié wyse.

In hierdie tipe gevalle verwag 'n mens strykdeur 'n hantering soos by HAT (1994:1189) se

versie¹ ... Vkw. van vers¹

versie² ... Vkw. van vers².

HAT (1994:103) en VAW (1993:98) neem die lemma **boordjie** (kraag) op, maar nie ook die verkleining van **boord**¹ en **boord**² nie. Ook neem HAT (1994:105) en VAW (1993:101) **botjie** ('n Middeleeuse muntstuk) op, maar nie ook die verkleining van 'n groeipunt, vis/wurm, been of bod nie. Dié opname sal beter betekenisleiding bewerkstellig. Dieselfde fout word ten opsigte van **dassie** (HAT 1994:131; VAW 1993:123) begaan. HAT (1994:1012) neem wel **steggie** ("afgesnyde takkie") op, maar nie die verkleining van "lae sementbruggie, leertjie" nie. VAW (1993:856) doen dit wel.

Sowel HAT as VAW hanteer **entjie** (HAT 1994:199; VAW 1993:175), **hokkie** (HAT 1994:383; VAW 1993:270), **lemmetjie** (HAT 1994:613; VAW 1993:445) en **motjie** (HAT 1994:679; VAW 1993:524) korrek.

In HAT (1994:202) word die volgende inskrywings gevind:

ert (-e) 1 Gewoonlik in die meervoud of as vkw.

ertjie (s.d.). 2 Klein albaster.

Onder **ertjie**¹ kom die verwantskap met polisemiese waarde 1 van **ert** voor, maar onder **ertjie**² kom nou die verwantskap met polisemiese waarde 2 van **ert** voor. 'n Mens verwag dus hier eerder 'n tweede homoniem **ert** om vir **ertjie**² voorsiening te maak. Dié geval is dus net die omgekeerde van gevalle soos **aartjie**.

3.10.3 VERLEDETYDSVORME

WAT III 1957 maak as deelwoorde vir die volgende gevalle voorsiening, en wel op die volgende manier: "I Dw. v. ..." gevolg deur "II b.n. ...":

gebied (50), **gebou** (55), **geraak** (163), **gerig** (168), **gestig** (196), **gewas** (220) en **gewen** (227).

Dit is voorbeeldige hantering, wat nie toegepas word in HAT (1994:239-278) of VAW (1993:198-223) nie.

3.10.4 TRAPPE VAN VERGELYKING

Soms kom 'n leksikale item in spelvorm (en uitspraak) ooreen met die vergrotende trap van 'n byvoeglike naamwoord as afsonderlike leksikale item. In sulke gevalle sal die leksikograaf voorbeeldige betekenisleiding verskaf as hy sulke vergrotende trappe as tweede homoniem opneem.

Sowel HAT as VAW tree in hierdie verband dus voorbeeldig op ten opsigte van **laer**³/**laer**⁴ (HAT 1994:601; VAW 1993:430), **meer**³ (HAT 1994:652; VAW 1993:494), **strawwer** (HAT 1994:1034; VAW 1993:878), en HAT (1994:1227) alleen by **voller**, maar hou nie daarmee vol by **digter** (HAT 1994:149; VAW 1993:138), **luier** (HAT 1994:632; VAW 1993:471), **sneller** (HAT 1994:966; VAW 1993:812) en **wyser** (HAT 1994:1292; VAW 1993: 1113) nie.

By fleksievorme soos hierbo lyk dit of die wagwoord allereers konsekwentheid behoort te wees. Dit sal verwarring uitskakel en korrekte betekenisleiding aan die gebruiker bewerkstellig.

3.11 ONDERSKEID BY ENKELE AFLEIDINGS

Sowel HAT 1994 as VAW 1993 hanteer homonimiese pare waar een of meer lede 'n afleiding is, oor die algemeen heeltemal korrek. Voorbeelde hiervan is **bloeier** (HAT 1994:94; VAW 1993:88), **enter** (HAT 1994:198; VAW 1993:175), **eter** (HAT 1994:203; VAW 1993:179), **leidster** (HAT 1994:611; VAW 1993:444), **lekker** (HAT 1994:612; VAW 1993:445) en **maaiër** (HAT 1994:637; VAW 1993:476).

HAT (1994:100) se hantering van **bokser** is ook korrek, maar VAW (1993:95) maak nie vir **bokser** as "groot hond met 'n kort snoet" voorsiening nie.

3.12 POLISEMIE OF HOMONIMIE BY STREEPLEMMAS?

Onder streeplemmas/subleksikale lemmas tel stamme (**dood-**, **-dig**), stamme met stamelemente (**kalwer-**) en affikse (**ab-**, **-ier**) (Gouws 1989:86). Omdat al hierdie lemmas betekenis dra, moet daarvan rekenskap in standaardwoordeboeke van Afrikaans gegee word. Dit moet egter op 'n spesifieke manier gedoen word, anders word verkeerde leksikologiese inligting aan die gebruiker oorgedra.

In hierdie opsig dra HAT (Odendal 1994:409) korrekte inligting oor deur sy hantering van **-ie¹**, **-ie²** en **-ie³**, sowel as by **-iel¹** en **-iel²**. VAW 1993 gee nie deeglik rekenskap van hierdie tipe lemma nie, en verlaag sodoende sy aanspraak as werklik verteenwoordigend van die Afrikaanse leksikon.

HAT se hantering van byvoorbeeld **-ie¹** en **-ie²** is korrek, maar nie die behandeling van die streeplemma **ab-** en die leksikale lemma **ab** nie (1994:14). Benewens die betekenisverskil is daar 'n duidelike vormverskil tussen die lemmatekens. Dit beteken dat dié twee

lemmas nie as homonieme beskou kan word nie (vgl. weer 3.2). HAT (Odendal 1994:415) se hantering van **in**¹⁻⁶ is ook heeltemal verkeerd.

Dit behoort soos volg daaruit te sien:

in ... voors

in⁻¹ ... ook **il-** voor **l**, ...

in⁻² ... **l** (w.g.) Eerste lid van ...

in⁻³ ... Voorvoegsel voor 'n beperkte aantal ...

-in¹ ... Onproduktiewe agtervoegsel ...

-in² ... As tweede lid van ...

Ook VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:285) behoort op soortgelyke wyse om te gaan met **in**¹⁻⁵.

3.13 POLISEMIE TEN OPSIGTE VAN UITDRUKKINGS

Sommige vaste uitdrukkings wat in dieselfde artikel voorkom, kan ook aan die leksikograaf 'n besliste rigtingwyser wees dat met homonieme eerder as met polisemiese waardes van die lemma gewerk word - die soekwoord wat in 'n bepaalde uitdrukking voorkom, het geen betekenisoreenkoms met die lemma waarmee dit vormlik ooreenkom nie.

Die hantering van **der** in sowel HAT (Odendal 1994:137) as VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:128) is 'n sprekende voorbeeld van die regte hanteringswyse:

der¹ ... bep. lw. Ou, verboë naamvalsvorm in enkele uitdrr.

der² ... In die uitdr. *her en der*, hierheen en daarheen. (HAT - VAW ruil slegs die twee lemmas om - HAT se rangskikking is korrekter; die lidwoord word meer dikwels gebruik).

VAW 1993 se aanduidingswyse in sulke gevalle is verkiesliker bo HAT 1994 s'n - VAW dui met behulp van 'n dubbelpunt aan dat met 'n uitdrukking gewerk word, bv. **kannie¹** (1993:319); HAT dui wel aan In die uitdr., bv. "**kus³** In die uitdr. ..." (1994:594), maar dit staan op geen manier duideliker uit nie. Verdere voorbeelde waar albei bronne bogenoemde hanteringswyse toepas, is:

entjie^{3/1} (HAT 1994:199; VAW 1993:175)

frank³ (HAT 1994:225; VAW 1993:191)

lede² (HAT 1994:608; VAW 1993:440)

myner¹ (HAT 1994:683; VAW 1993:530 - by albei behoort **myner²** (mynwerker) die primêre poliseem te wees)

wan^{2/3} (HAT 1994:1260; VAW 1993:1072)

ware^{2/1} (HAT 1994:1262; VAW 1993:1074 - HAT se hantering hiervan as tweede homoniem is korrek; dis nie die primêre homoniem nie)

weste^{2/3} (HAT 1994:1278; VAW 1993:1093)

In sommige gevalle sien die leksikograwe van die twee bronne sake nie dieselfde nie: slegs HAT (Odendal 1994:466) maak versiening vir **Jas**³ (veroud.) In die uitdr. *ou Jas*, die duiwel.

VAW (1993:404) sien **kraampie** ("stalletjie") as verkleining van **kraam**², maar HAT (1994:580) beskou **kraam**¹ se optrede as slegs in dié uitdrukking (met 'n kruisverwysing na **kraampie** - wat nie geregverdig is nie, want **kraampie** hou hoegenaamd nie sinchronies verband met **kraam**¹ nie). HAT is moontlik korrek, want as na 'n stalletjie verwys word, word slegs die verkleiningsvorm gebruik.

HAT (1994:860) fouteer in die sin dat twee uitdrukkings wat met **riem**¹ (as strook leer) verband hou, onder **riem**² (as roeispaan) ingedeel word, naamlik "Iemand 'n riem onder die hart steek ('n hart onder die riem steek)" en "'n Riem onder die hart wees". Ondersteuning vir my siening is te vind in Nasionale

Woordeboek (NW) (De Villiers e.a. 1988:421) en Basiswoordeboek van Afrikaans (BVA) (Gouws e.a. 1994:367).

VAW (1993:934) behoort soos HAT (1994:1090) by **toet**¹ 'n verdere homoniem te hê: die uitdrukking "*uit die jaar toet*" het met tyd te doen, terwyl "'n MAN (NETJIE) van toet, (was hy beter, dan was hy goed)" geen betekenisoreenkoms daarmee vertoon nie; 'n verdere homoniem word verwag.

'n Hanteringsfout wat ook in HAT 1994 voorkom, is dat 'n uitdrukking as polisemiese waarde onder 'n lemma opgeneem word (terwyl daar uitdruklik gesê word dit kom voor "In die uitdr."). Voorbeelde hiervan is:

geseën (d) ... 4 w.g.) In die uitdr. *in geseënde omstandighede, swanger.* (266,267)

haak ... 6 (w.g.; verouderend) Sterk verlang;
smag: *Na rus en vrede haak.* (324,325)

VAW (1993:243,244) sien dit ook as uitdrukking, maar fouteer nogtans deur dit as 'n polisemiese waarde (10) ook op te neem.

heug ... s.nw. In die uitdr. *teen heug en meug*, teen wil en dank, of jy wil of nie. (HAT 1994:369) - hier word die uitdrukking as lekseem opgeneem, wat eweneens geen verband met die lemma het nie.

hitte ... 3 (< E.) In die uitdr. *op hitte wees*, paarlustig, bronstig. (378)

ysterklou ... 2 In die uitdr. *ysterkloue in die grond slaan*, (a) vasstaan; nie wyk nie, (b) vinnig weghardloop. (1295)

'n Algemene fout ten opsigte van die hantering van uitdrukkings kom voor in VAW se optekening van die uitdrukking "*op stel en sprong*" (dadelik) (1993:857): dié uitdrukking het met **stel**¹ se polisemiese waardes (strik, ens.) niks te make nie. Daarom dat HAT (1994:1013) se hantering hiervan heeltemal korrek is - as tweede homoniem.

HAT (Odendal 1994:529) se derde polisemiese waarde onder **klap**¹ (ww.) wat met verklap skakel, (vergelyk ook VAW 1993:344 by **klap**²), behoort eweneens onder 'n aparte homoniemlemma opgeneem te word; dit het met 'n klapgeluid niks te make nie. Die uitdrukking "*Uit die*

skool klap" wat tans in **klap**¹ se artikel verskyn, moet in dié nuwe artikel opgeneem word.

VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:534) se derde polisemiese waarde onder die lemma **nael**¹, naamlik "klinkspyker", behoort eweneens 'n addisionele homoniem te wees (dit het van die oorspronklike betekenis weggegroeï), en in dié lig behoort die uitdrukking wat hiermee verband hou ("*iem. se naels vir hom klink*") saam daarmee onder dieselfde lemma voor te kom.

HAT (Odendal 1994:1145) hanteer **val**² en **val**³ heeltemal korrek: eersgenoemde as sierstrook en laasgenoemde as 'n deurtjie wat toeval en 'n lokval. As dié hanteringswyse met VAW (Labuschagne & Eksteen 1993:980) s'n vergelyk word, skiet VAW s'n duidelik te kort - polisemiese waarde **9** en **10** van VAW behoort tot die opname van twee verdere homonieme te lei, met die uitdrukkinge "*in 'n val lok*" en "*in die val sit*" wat saam onder polisemiese waarde **10** tuishoort.

Leksikograwe moet dus ook baie indringend na uitdrukkinge kyk en vasstel of dit nie dalk in betekenis afwyk van die betekenisonderskeidings wat onder een lemma gelys word nie. Indien dit wel die

geval is, moet korrekte leiding aan die gebruiker oorgedra word deur in 'n aparte artikel daarvoor voorsiening te maak.

HOOFSTUK 4**DIE MIKROSTRUKTURELE ORDENING VAN POLISEMIESE WAARDES****4.1 VERSKILLENDE ORDENINGSMETODES**

Die gebruiker van 'n sinchroniese woordeboek (waaronder HAT 1994 en VAW 1993 tel) wil die inligting waarna hy soek, onmiddellik verkry sonder om deur ander (vir hom nie ter sake) inligting te worstel (Gouws 1989:133) - die historiese ordeningsmetode behoort dus nie by die twee bronne aangetref te word nie. Tog kom die gebruiker wel op sulke gevalle af:

atrium ... 1 (*hist.*) **(a)** Binneste, gedeeltelik oop gedeelte van 'n Romeinse huis.

(b) Voorsaal ... **2** (*anat.*) Hoofkamer van 'n ourikel ... (HAT 1994:54; VAW 1993:51).

basiliek ... 1 (*hist.*) Langwerpige gebou met suilegange vir handel en regspraak. **2(a)** Ou Christelike kerk. **(b)** Later, benaming vir bepaalde R.K. kerke met besondere voorregte. (HAT 1994:62; VAW 1993:59 - die etiket ontbreek by VAW).

duit ... **1** (*hist.*) Ou Nederlandse muntstuk ...

2 (*in die mv.; veroud.*) Geld ...

3 Kleinste denkbare bedrag. (HAT 1994:176; VAW 1993:159 - VAW se etikette ontbreek weer).

Die hedendaagse gebruiker is waarskynlik slegs op soek na die uitdrukking waarin die woord **duit** voorkom, en dit kom eers as derde polisemiese waarde voor.

'n Dergelike historiese rangskikkingsmetode kom egter nie oorheersend voor nie; tog kan leksikograwe hul bronne meer gebruikersvriendelik maak deur ook in sulke gevalle van primêre en sekondêre, konjunkte en disjunkte onderskeidings en empiriese rangskikkingsmetodes gebruik te maak.

Enkele voorbeelde van die primêre en sekondêre metode van rangskikking is:

bal ... **1(a)** Ronde voorwerp ... **(b)** Bal wat op 'n bepaalde wyse geskop, geboul, ens. is ... **2** Ronde liggaam, massa ... **3** Dik vleis agter die groottoon ... **4** ... Een van die menslike teelballe.

Leksikograwe hou nie by net een manier van ordening nie, maar pas ten minste die twee gebruiklikstes, naamlik primêre en sekondêre en konjunkte en disjunkte ordening, vir sinchroniese woordeboeke toe.

4.2 SOORT BY SOORT

'n Redelik algemene ordeningsgebrek in die twee woordeboeke onder bespreking het te doen met die plasing van 'n polisemiese waarde onder 'n homoniem waar dit eintlik nie tuishoort nie.

Onder **beskaaf**¹ in HAT (Odendal 1994:77,78) is polisemiese waarde **2**: "Beskaaf maak, verfyn" eerder **beskaaf**² "1 Nie meer barbaars nie ... 2 Welopgevoed, verfynd ..." se tweede polisemiese waarde.

VAW (1993:138) behoort polisemiese waardes **3** en **4** van **dikkop** onder 'n aparte homoniemlemma te groepeer. Die betekenis voëls het met polisemiese waardes **1** en **2** as karaktertrek en toestand niks te doen nie. HAT (1994:150) onderskei wel nie 'n tweede voël nie, maar 'n vis; tog geld dieselfde oorweging hier as by VAW - dié waardes behoort onder 'n aparte lemma geplaas te word.

As na **eg^{2/3}** in HAT (1994:186) gekyk word, behoort polisemiese waarde **4** by **eg²** ook eerder as tweede polisemiese waarde tuis by **eg³**: die polisemiese waarde en homoniem het albei met die huwelik te doen, teenoor **eg²** se ander polisemiese waardes wat nie so nou met polisemiese waarde **4** ooreenkom nie. Ook VAW (1993:166) se polisemiese waarde **1** by **eg⁵** behoort **eg¹** se tweede polisemiese waarde te wees.

Die lemma **gimnasium** (HAT 1994:285) behoort as volg hanteer te word:

gimnasium¹ ... **1** Benaming uit Engels vir 'n lokaal vir liggaamsopvoeding, -oefeninge en binnenshuise spele. **2** By die Grieke en Romeine 'n plek vir opleiding veral in liggaamsoefeninge.

gimnasium² ... **1** Naam wat uit die verlede vir enkele skole in S.A. behoue gebly het. **2** In Europa - middelbare skool ...

Ten opsigte van **gimnasium¹** val die klem op plek vir liggaamsopvoeding - dit is ook die betekenis waarmee die meeste Afrikaanssprekendes hulle sekerlik deesdae kan assosieer. Dis ook in ooreenstemming met die

empiriese ordeningsmetode: eers die gebruiklike Suid-Afrikaanse betekenisonderskeiding, gevolg deur die oorspronklike verouderde betekenis.

By **gimnasium**² val die klem op skool, en dis ook empiries gerangskik (vergelyk die vorige paragraaf). Ook VAW (1993:226) behoort polisemiese waarde **3** van die eerste twee te skei.

HAT (1994:507) se "Alikreukel" as **katoog** se vierde polisemiese waarde hou geen verband met die kernbetekeniswaarde en die ander metaforiese polisemiese uitbreidings nie. Dit is opmerklik dat VAW (1993:329) nie vir hierdie vierde polisemiese waarde van HAT voorsiening maak nie.

HAT (1994:507) se letterlike betekenis van **kattebak** en die twee polisemiese uitbreidings daarvan behoort eerder onder verskillende homonieme saam te verskyn met die huidige tweede en derde polisemiese waardes - albei het die raakpunt motor. HAT 1994 kan dan ook die derde polisemiese waarde eerste plaas - dis die algemeen bekende polisemiese waarde - en die verouderde onderskeiding laaste. VAW (1993:329) kon in dié etimologiese lig daarom wel twee polisemiese waardes in plaas van slegs hul eerste een onderskei

het, en die huidige tweede polisemiese waarde die eerste homoniem gemaak het.

Vir HAT (1994:539) se vierde polisemiese waarde onder **klink¹** as s.nw. ("Omgeklinkte kop van 'n klinknael ...") behoort eerder voorsiening onder **klink²** (as ww.) gemaak te word, want dit sluit hierby aan.

Sowel HAT (1994:548) as VAW (1993:359) behoort vier **knikkertjie**-homonieme te hê: **knikkertjie¹** as verkleining vir iemand wat knik, **knikkertjie²** as verkleining van **knikker^{2/1}** van HAT en VAW onderskeidelik (behalwe HAT se "froetang"-onderskeiding), **knikkertjie³** met "froetang" en "Enigee van die sade (knikkertjies) van 'n tropiese klimstruik" (met plant as bindende faktor), en laastens **knikkertjie⁴** met HAT se vierde en derde polisemiese waardes (as speletjie).

Behalwe dat polisemiese waardes **3** en **4** (HAT 1994:1046; VAW 1993:889 sic) van **sug²** as 'n verdere homoniem gesien kan word, behoort HAT se tweede polisemiese waarde onder **sug¹** as ww. eerder tuis onder **sug²**.

Laastens behoort HAT (1994:1233) polisemiese waarde **1** van **voorlig²** ook eerder as werkwoordlekseem onder **voorlig¹** op te neem.

Korrekte betekenisleiding kan bewerkstellig word as leksikograwe ook deegliker kyk na bogenoemde aspek van polisemie. Op hierdie wyse word die gesag van die woordeboek ook verhoog en verwarring by gebruikers uitgeskakel.

4.3 INKONSEKWENTE ORDENING

Hoe konsekwent 'n woordeboek dieselfde tipe lemmas hanteer, kan baie bydra tot die gesag van 'n woordeboek. Dit kan ook heelwat verwarring by gebruikers uitskakel.

So 'n tipe inkonsekwentheid word aangetref waar woorde wat verwys na mense, diere en soms plante of taal dieselfde gespel word.

Sowel HAT (1994:25) as VAW (1993:24) hanteer **Afrikaner¹/afrikaner²/afrikaner³** sodat tussen bogenoemde drie kategorieë onderskei kan word.

Die volgende lemmas word egter nie op soortgelyke manier gehanteer nie:

Andalusiër (HAT 1994:44; VAW 1993:40)

Berber (HAT 1994:75)

Fries¹ (HAT 1994:225; VAW 1993:191 se

hanteringswyse is hier in ooreenstemming met

afrikaner s'n)

Griekwa (HAT 1994:310)

Hantammer (344)

Pekinees (HAT 1994:789; VAW 1993:635)

'n Tweede geval van inkonsekwente hantering word aangetref waar dieselfde lemma na sowel 'n groep mense as hul taal verwys. 'n Mens is sekerlik nie van sy taal te onderskei nie; tog kan ingesien word dat die mens by sulke lemmas die primêre polisemiese waarde behoort te wees - die mens betree die wêreld sonder taal.

HAT (1994:1106) hanteer die onderstaande lemma op hierdie wyse:

Tswana 1 (-s) Swarte uit, van Bophuthatswana of

Botswana. **2** Taal van die Tswanas.

Ook VAW (1993:537) doen dieselfde met:

Nama. 1. Volk ... **2.** Taal v.d. volk.

HAT 1994 tree in ander gevalle inkonsekwent op.

Voorbeelde hiervan is:

Goedsjarati (296)

Nama (690)

Ndebele (694)

Noord-Sotho (704)

VAW 1993 tree eweneens inkonsekwent op in vergelyking met **Nama** (537):

Tsonga (952)

Tswana (953).

In hierdie gevalle word daar nie twee nie, maar slegs een polisemiese waarde onderskei, wat verder inkonsekwent hanteer word, want die definies word begin met "Taal en lid ...".

Ook ten opsigte van ordening van polisemiese waardes is daar inkonsekwente hantering. HAT (1994:149) onderskei byvoorbeeld twee polisemiese waardes by **digotomie**, maar dié onderskeid word nie ook by die afleiding **digotomies**, **digotoom** toegepas nie.

Die derde polisemiese waarde onder **ghoen** (HAT 1994:282) skakel met **ghoem**², terwyl polisemiese waarde **4** met **ghoem**¹ ooreenkom. HAT se ordeningsmetode is hier dus inkonsekwent; daar moes dus nog twee **ghoen**-lemmas gewees het.

Dieselfde tipe inkonsekwentheid word aangetref in HAT (1994:420) se hantering van **induik**¹, **induik**² en die hantering van albei as poliseme onder **induiking**, sowel as by **kraal**¹, **kraal**² en **kraaltjie** (VAW (1993:404) hanteer laasgenoemde lemmas korrek), en ook **skut**¹, **skut**³ en **skutter** (HAT 1994:947).

Nog 'n hanteringsfout kom voor as gekyk word na HAT (1994:541,542) se lemmas **klomp**¹, **klomp**² en **klompie**¹, **klompie**²: laasgenoemde twee se definiense moes omgeruil gewees het (vergelyk VAW 1993:355 se ordeningswyse).

In HAT (1994:563,564) kom die volgende inskrywings voor:

koning ...**4** Vernaamste stuk in die skaakspel.

5 Vername kaart in die kaartspel.

Hierteenoor word dié twee polisemiese waardes by **koningin** (564) onder een polisemiese waarde hanteer: **"6** (spele) Op een na die vernaamste stuk in die

skaakspel, en derde hoogste kaart in kaartspele." VAW (1993:378) fouteer nie by hierdie onderskeidings van **koning** en **koningin** nie.

'n Laaste geval van inkonsekwentheid kom voor by veral HAT 1994 en VAW 1993 se hantering van sterrebeelde. **Wa**² (met hoofletter) (1256) word hier as aparte homoniemlemma gesien, maar ander gevalle, soos **Beer** (66; VAW 1993:63) en **Ram** (HAT 1994:836; VAW 1993:686), word nie dienooreenkomstig hanteer nie.

HOOFSTUK 5**HOMONIEMHANTERING****5.1 DIE MAKROSTRUKTURELE ORDENING VAN HOMONIEME**

Soos onder 2.2 genoem, bestaan daar 'n wesenlike probleem in die voorwerk van die twee woordeboeke onder bespreking in die sin dat geen inligting verskaf word oor watter manier van ordening ten opsigte van homonieme gevolg word nie. Dit is 'n wesenlike probleem omdat die gebruiker gevolglik aan sy eie oordeel oorgelaat word - uiteraard verskaf dit baie probleme, en veroorsaak dit dat die twee woordeboeke glad nie hieroor gesaghebbend is nie.

Omdat HAT 1994 en VAW 1993 sinchroniese woordeboeke is, behoort die leksikograwe allereers uit te gaan van die standpunt dat die gebruiklikste/frekwentste/primêre homoniem eerste gelys word. Dit is wel die geval by:

anker (HAT 1994:45) - yster x inhoudsmaat

bank (60; VAW 1993:57) - meubel x plek

elf (HAT 1994:194) - getal x natuurgees x vis

Fin/fin (213; VAW 1993:186) - inwoner x wurm

gal (HAT 1994:231,232; VAW 1993:194) -

vloeistof x swelling

grou (HAT 1994:320) - kleur x grawe x skerp

woord

hom (384) - persoon x klier

indien (418) - voegwoord x inlewer x inwerk

jag (463) - wild agternasit x seevaartuig

kanon (490; VAW 1993:319) - skiëttuig x norm

my (682) - vnw. x vermy

nes (697; VAW 1993:545) - broeiplek x soos

voorsit (HAT 1994:1235) - 'n vergadering lei x
kos aanbied

wig (1280) - stuk hout x kindjie

In baie gevalle word die nie-primêre homoniem egter eerste gelys (oral waar VAW 1993 nie in bostaande lys aangehaal word nie, is dit die geval). Uit die talle voorbeelde word slegs 'n paar aangehaal:

flankeer (HAT 1994:215; VAW 1993:186) - die
sykant dek x lughartig omgaan

graaf (HAT 1994:302; VAW 1993:233) - titel x
werktuig

kalander (HAT 1994:480) - masjien x insek

laer (601; VAW 1993:430) - kamp x koeëllaer x
vergroterende trap

maar (HAT 1994:638; VAW 1993:478) - krater x
net

ons (HAT 1994:734; VAW 1993:580) - gewigs-
eenheid x vnw.

pupil (HAT 1994:829) - kind x oogopening

seën (HAT 1994:901; VAW 1993:745) - visnet x
geluk

tol (HAT 1994:1092; VAW 1993:936) - deurtoggeld
x speelding

5.2 VOORSTELLE VIR DIE RANGSKEIKING VAN HOMONIEME

Uit die gevalle hierbo is dit duidelik dat op lukrake manier met die rangskikking van homonieme omgegaan word; daarom dat die volgende ordeningsmetode voorgestel word.

Daar moet altyd eers gekyk word watter van die twee of meer homonieme die gebruiklikste een is. (Dit benadruk nogmaals die belang van 'n verteenwoordigende databasis.) Dinge wat die leksikograaf kan help om dit vas te stel, is om te kyk of een van die homonieme nie 'n leksikale item met 'n verouderde betekenis is nie, soos in die geval van **anker** (HAT 1994:45) - yster x verouderde inhoudsmaat. HAT (1994:104) fouteer dus ten opsigte van **borrie**: draagbaar x poeier (VAW (1993:99) hanteer dit korrek); **oorlap** (HAT 1994: 751), en **stoor** (HAT 1994:1028; VAW 1993:871 hanteer dit korrek).

By 'n lemma wat gelys word omdat die tersaaklike uitdrukking niks met sy homoniemmaat te doen het nie, behoort dié lemma wat ter wille van die uitdrukking in die makrostruktuur opgeneem is, nie die primêre een te wees nie (nadat die toets van gebruiksfrekwensie gedoen is, soos die geval behoort te wees by **pletter** (HAT 1994:804)). Die rede hiervoor is dat dié lemma nie die bewerkingseenheid is nie, maar slegs as soekwoord optree ter wille van 'n alfabetiese plasing van die uitdrukking wat die behandelingseenheid is. Uitdrukking is dikwels ook nie so bekend soos eenwoorditems nie.

Voorbeelde hiervan is:

blik (HAT 1994:91; VAW 1993:85)

kus (HAT 1994:594; VAW 1993:422)

lomp (HAT 1994:625)

toet (1090), ensovoorts.

Een geval wat na aanleiding hiervan aangepas behoort te word, is **yl** (HAT 1994:1294; VAW 1993:1115). HAT se "**yl**¹ ... In die uitdr. *in aller yl* ..." behoort dus **yl**³ te wees, na die teenswoordige **yl**² ('n menslike handeling) en **yl**³ ("Dun, deurskynend" - wat meer gebruiklik is).

Homoniemlemmas met die etiket (*w.g.*) - die rede spreek vanself - behoort eweneens laaste gelys te word (weer eens nadat die gebruiksfrekwensietoets toegepas is). Gevalle wat dus aangepas moet word, is:

klets (HAT 1994:536)

oorlegging (HAT 1994:752; VAW 1993:594)

seel (HAT 1994:900; VAW 1993:745)

vier² (HAT 1994:1206; VAW 1993:1025)

want (HAT 1994:1261; VAW 1993:1073),

ensovoorts.

Ook homoniemlemmas wat die etiket (*nie alg.*) het (die woord in sy besondere betekenis word nie regdeur die spektrum van sprekers gebruik nie), behoort nie primêr gelys te word nie. **Norra** (HAT 1994:704) en **splint** - met die etiket (990) - behoort dus laaste gelys te word.

Waar die homonieme ewe bekend is, kan die volgende ordeningsmetode gevolg word: die lemma wat met lewe te doen het - in die orde mens (menslike handeling), dier, plant - word eerste gelys, soos HAT (1994:572) en VAW (1993:391) met **koper** en **lam** doen (HAT 1994:602,603; VAW 1993:432 - dalk is VAW se rangskikking toevallig korrek, want dit lyk asof die leksikograwe hier die s.nw.-lemmas eerste lys).

In gevalle soos **gril** (HAT 1994:310; VAW 1993:237) waar 'n menslike gevoel ter sprake is, kan die woordsoorte nou in aanmerking geneem word: die lemma wat slegs as s.nw. optree, word eerste gelys, gevolg deur **gril**² wat as s.nw. en ww. kan optree; of **hekel** (HAT 1994:356; VAW 1993:2567) waar die s.nw.-lemma eerste gelys word, gevolg deur die ander woordsoort.

Dieselfde ordeningsbeginsels kan geld waar die lemmas ewe onbekend is, byvoorbeeld **burg** (HAT 1994:116), **himen** (HAT 1994:374 - vlies van vrou x lied) en **mandaryn** (HAT 1994:644; VAW 1993:483); by streeplemmas: **-ies**² (HAT 1994:410) (as affektiewe verkleiningsuitgang) behoort voor **-ies**¹ gelys te word, maar gevalle soos **-ie** en **-iel** (HAT 1994:409) kan op enige manier gerangskik word omdat geen van bogenoemde kriteria toepasbaar is nie; sowel as by nuwe homonieme, byvoorbeeld **als** (HAT 1994:40), **spot** (994), **trippel** (1103) en **wewer** (1279). 'n Geval in HAT 1994 wat aangepas behoort te word, is **taipan** (1065) - mens x slang.

In gevalle soos **aflig**^{1/2} waar albei lemmas tot dieselfde woordsoort behoort, en geen van bogenoemde kriteria toegepas kan word nie, kan in meer diepte na

die definiens (en voorbeeldmateriaal) gekyk word:
aflig² se lig as bron van energie/lewe behoort bo
aflig¹ gerangskik te word.

So 'n stelsel moet in die voorwerk verduidelik word en
in die sentrale teks konsekwent toegepas word.

HOOFSTUK 6**POLISEMIESE EN HOMONIMIESE VERWYSING****6.1 POLISEMIESE VERWYSING**

Ten einde korrekte betekenisleiding te bewerkstellig, behoort die leksikograaf van die sinchroniese woordeboek van verwysing gebruik te maak; dit geld ten opsigte van ongelede sowel as gelede leksikale items (en dan veral samestellings).

'n Voorbeeld waar by 'n ongelede leksikale item in HAT (1994:37) die verlangde verwysing aangetref word, is by die lemma

albumen 1 Die wit van 'n eier; eiwit (bet. 1).
Eiwit (HAT 1994:189) het twee betekenisonderskeidings:
"1 Wit van 'n eier; albumen. **2** Stikstofhoudende, organiese verbinding, gevind in 'n eier en alle plante- en dierselle; proteïne of proteïde."

Ten einde nie die verkeerde betekenisoordrag by die gebruiker te bewerkstellig nie, word in **albumen** se eerste polisemiese waarde na die tersaaklike polisemiese waarde van **eiwit** verwys. (By **eiwit** se eerste polisemiese waarde sou 'n mens ook 'n verwysing na die tersaaklike polisemiese waarde van **albumen** verwag het.)

Dieselfde tipe verwysing kom voor by die volgende HAT-lemmas:

bontstefanie (1994:102)	bontval (102)
boorwurm (102)	geleide (253)
geleier (253)	geloofsaak (254)
kalandergeelhout(boom) (481) ensovoorts.	

VAW 1993 maak glad nie van hierdie tipe verwysing gebruik nie. Dit is 'n swakheid waardeur die gebruiker benadeel word, want kruisverwysings is primêr daarop gerig om die gebruiker van 'n suksesvolle inligtingsoordrag te verseker.

Hierdie (en enkele ander) gevalle in HAT 1994 is egter die uitsondering en nie die reël nie, wat natuurlik inhou dat onmiddellike en korrekte betekenisoordrag nie altyd plaasvind nie. Dié inkonsekwente hantering van 'n uiters funksionele leksikografiese hulpmiddel moet in HAT se volgende uitgawes beslis aandag kry, want dit kan probleme skep vir die taalaanleerder sowel as vir die meer ervare taalgebruiker.

'n Tweede algemene gebrek in HAT 1994 geld ook waar 'n gelede leksikale item polisemies is. Verwysing vanaf en na die lemma se artikel moet met die tersaaklike polisemiese waarde van sowel die gelede woord as sy

komponente se woordvariante rekening hou, bv. by

buksie ... 1 Vkw. van *buks*: *Hy is wel net 'n*

buksie, maar hy is geweldig sterk.

teenoor

buks ... 1 Kort geweer. 2 Kort persoon, veral

as vkw.

By gebrek aan enige verwysing is die implikasie dat daar by polisemiese waarde 1 van **buksie** na die eerste polisemiese waarde van **buks** verwys word - dit is egter nie die geval as die voorbeeldsin in aanmerking geneem word nie (dit het betrekking op polisemiese waarde 2). Die volgende hanteringswyse sal die verwarring uitskakel:

buksie ... 1 Vkw. van *buks* (bet. 2): ...

Nog so 'n geval in HAT 1994 is **pluimpie** (806). (VAW 1993:654 kwalifiseer hier wel na watter **pluim** verwys word deur "veertjie", maar ook dit is eerder die uitsondering.)

'n Geval waar HAT 1994 dié tipe verwysing heeltemal korrek hanteer, is by:

huisie (-s) Vkw. van *huis* (bet. 1 en 6) (401).

'n Groot verwysingsgebrek in sowel HAT 1994 as VAW 1993 is op te merk ten opsigte van komposita. (Geen verwysing van dié aard kom voor nie, daarom word slegs op een hanteringsgeval gewys.)

Die volgende lemma kom in albei bronne voor (en die definiense is feitlik identies):

lugklep ... Klep om lug of gas deur te laat

(HAT 1994:631; VAW 1993:468)

Lug (HAT 1994:630) is egter polisemies (en homonimies by VAW 1993:467), en **klep** polisemies en homonimies (HAT 1994:535; VAW 1993:349). Die moedertaalspreker van Afrikaans kan baie maklik verstaan dat die **lug** wat ter sprake is, polisemiese waarde **5** ("Hemel, uitspansel") van HAT, of polisemiese waarde **5**. ("Reuk; stank") van VAW is. Dit is dus duidelik dat hierdie leemte in die twee bronne tot groot verwarring kan lei. Die korrekte hantering by sulke sirkeldefinisies sou wees:

lugklep ... Klep (klep² **1**) om lug (**1**, **4**) of gas (gas²) deur te laat.

(Die inskrywing is gebaseer op HAT s'n.)

HAT 1994 én VAW 1993 kan ook met vrug van **Nasionale Woordeboek** (De Villiers e.a. 1988:266) se waardevolle verwysingstegniek by onverklaarde lemmas gebruik maak,

byvoorbeeld by

kook ... **kookwater** (by 1); **-blik** (by 2);

-boek, -kuns, -plaat, -skool (by 3),

of BVA 1994 se metode waarvolgens onverklaarde lemmas aan die einde van 'n polisemiese inskrywing aangegee word (vgl. **koors** 1994:223).

6.2 HOMONIMIESE VERWYSING

HAT 1994 se homonimiese verwysing by gelede leksikale items is soms korrek, soos in die geval van

balkie (-s) Vkw. van *balk*¹. (59)

blikkie (-s) 1 Vkw. van *blik*¹. 91)

boortjie (-s) Vkw. van *boor*¹. (103)

brakkie (-s) Vkw. van *brak*² (107)

dassie 1 Gebruiklike vorm van *das*¹. (131)

(VAW 1993:123 se verwysing skiet egter hier te kort - polisemiese waarde **1**. verwys slegs na **das**, terwyl daar drie **das**-homonieme is.)

In die meeste gevalle is daar egter 'n verwysingsgebrek, byvoorbeeld

doedelsak ... 2 Rommelsak (HAT 1994:155)

Rommelsak word nie as lemma opgeneem nie, dus sal die gebruiker seker vervolgens kyk na **rommel** - in HAT is

twee **rommel**-lemmas opgeneem: "goedere" en "'n dreunende geluid". Ook die moedertaalgebruiker mag maklik dink dat **rommel**¹ ("goedere") hier ter sprake is (m.a.w. die eerste homoniemlemma), wat natuurlik misleidend is. Behalwe die korrekte homoniemverwysing, kan 'n illustrasie ook van groot waarde wees.

Soos vroeër onder 3.9 aangedui is, is daar in VAW 1993 eweneens 'n verwysingsgebrek by komposita. Dit is die geval by

hemelbaan ... 2. .. bane. Denkbeeldige baan wat hemelliggame deur die ruimte beskryf. (259)

"Baan" moes die verwysing **baan**² (53), na aanleiding van VAW 1993 se eie homoniemonderskeiding, gehad het.

'n Mens kan volstaan deur te sê dat sowel HAT 1994 as VAW 1993 se polisemiese en homonimiese verwysing glad nie korrekte betekenisleiding aan die gebruiker oordra nie, en dat daar beslis in toekomstige uitgawes aan hierdie gebrek aandag gegee moet word - dit sal die bronne se waarde verhoog.

HOOFSTUK 7

KONTEKSTUELE LEIDING BY POLISEMIESE INSKRYWINGS

Daar is reeds vroeër onder 2.1 gewys op Gouws (1989:131) se siening dat voorbeeldmateriaal onontbeerlik is by polisemiese lemmas; met ander woorde, uit die konteks waarin 'n leksikale item gebruik word, kom sy betekenis duideliker na vore.

Odendal onderneem ook in HAT 1994 se voorwerk om soveel voorbeeldmateriaal te verskaf as wat die ruimte toelaat. Hierby word egter nie gehou nie; die volgende lemmas se artikels kry byvoorbeeld nie voorbeeldmateriaal nie:

gording (299)	inhibitor (427)
kaoetsjoek (493)	logaritme (624)
melomaan (655)	transep (1098)
vermicelli (1183)	wreef (1289)

VAW 1993 verskaf geen voorbeeldmateriaal nie, en dit verlaag uiteraard die bron se waarde as naslaanbron en belemmer kommunikatiewe sukses (Vos 1992:67).

7.1 DIE ROL VAN ENSIKLOPEDIËSE INLIGTING

Onder ensiklopediese inligting tel saakbeskrywing - die saak waarna verwys word, kan in meer besonderhede toegelig word - of gebruiksbekrywing - die gebruik van die saak kan ook verskaf word . Vos (1992:99) lig egter uit dat ensiklopediese inligting "so vermoontlik wetenskaplik en objektief benader" moet word.

In HAT (1994:475) word die onderstaande woordeboek-inskrywings aangetref:

kaart (-e) **1** Meestal **kaartjie** Stywe, gladde, meestal reghoekige stuk papier, gewoonlik met iets daarop gedruk of geskrywe, bv. 'n naam- of visite-kaartjie, 'n naam- en adres-kaartjie, 'n uitnodigingskaartjie, 'n toegangskartjie, 'n reis-kaartjie (my onderstreping)

Die gedeelte wat met 'n enkellyn onderstreep is, is ensiklopediese inligting (dit is saakbeskrywing wat nie noodsaaklik is vir 'n eenduidige betekenisoordrag van **kaart** as leksikale item nie - vergelyk VAW (1993:310) se definiens (wat daarsonder verskaf word): "Reghoekige, gemerkte stuk karton wat as bewys vir toegang, reis, besoek, e.d.m. gebruik word."

Die deel wat met 'n dubbelyn onderstreep is, is eweneens saakbeskrywing wat eerder as voorbeeldmateriaal opgeneem behoort te word. HAT verskaf dus hier oorbodige ensiklopediese inligting.

Soms is ensiklopediese inligting 'n noodsaaklikheid, byvoorbeeld by

tampon (-s) **1(a)** Prop watte of gaas, gebruik om by verwonding die bloed te stelp. **2** Plat houtkop met handvatsel waaromheen vilt of 'n sagte stof gebind word, gebruik om ink op gegraveerde of geëtste koperplate aan te bring.
(HAT 1994:1066 - my onderstreping)

Die gebruiksbekrywing (wat met 'n enkellyn onderstreep is) is uiters noodsaaklik vir die ondubbelsinnige interpretasie van die betrokke leksikale item - daarsonder sou dit nie kon deurgaan as sodanig nie. Die deel wat met 'n dubbelyn onderstreep is, het die funksie dat dit die metaforiese uitbreiding is van die primêre polisemiese waarde (en laat dit dus as tweede polisemiese waarde kwalifiseer). Ook VAW (1993:909) het by dié leksikale item gebruiksbekrywing: "Pluis of prop van gaas of watte gebruik by operasies om bloed te stelp, op te

suig of om holtes op te vul." (my onderstreping).

Nog voorbeelde van noodsaaklike ensiklopediese inligting word aangetref by:

Tantalus (HAT 1994:1067; VAW 1993:911)

tang (HAT 1994:1067; VAW 1993:910)

verkleurmannetjie (HAT 1994:1177; VAW 1993:1005

- met behulp van die ensiklopediese inligting kan die diertjie van ander akkedisse onderskei word)

Leksikograwe van handwoordeboeke moet by elke definiens seker maak dat die ensiklopediese inligting wat verskaf word, nie oorbodig is nie, maar noodsaaklik is vir die verklaring van 'n lemma.

7.2 SEMANTIESE VERBLEKING

Gouws (1989:131) dui ook aan dat kontekstuele leiding die leksikograaf kan help om te onderskei tussen polisemie en semantiese verbleking.

'n Mens kan semantiese verbleking sien as 'n soort onproduktiwiteit by sprekers. 'n Woord word so veralgemeen dat dit in baie kontekste gebruik word, en sommige leksikograwe beskou die vele voorkomste daarvan (genoem semantiese stutelemente) dan

verkeerdelik as bykomende polisemiese waardes van die kernbetekenis, maar leksikale betekenis en kontekstuele betekenis is in beginsel nie dieselfde nie, volgens Louw 1991:116 (in Feinauer 1995:16).

Onder die leksikale item **ding** gee HAT (1994:151) 6 polisemiese waardes, en VAW (1993:139) 8. BVA (1994:83) gee wel ook 4 polisemiese waardes, maar vat die kernbetekenis van die lemma mooi saam in: "**Ding** het 'n baie algemene of leë betekenis, soos iets, en sy betekenis hang af van die verband waarin hy gebruik word." (Miskien kon BVA met net hierdie definieërs volstaan het, want al die ander polisemiese waardes vloei hieruit voort of kan hierby inpas, en HAT en VAW kan dan dié voorbeeld volg.)

HAT (1994:410) sondig ten opsigte van **iets** taamlik baie - in totaal word nie minder nie as 11 "betekenisonderskeidings" aangegee! VAW (1993:283) gee 4 betekenisonderskeidings aan. Vergelyk dit weer eens met BVA (1994:192) se enkele polisemiese waarde: "**Iets** is 'n onbepaalde voornaamwoord wat met dinge (abstrak of konkreet) te doen het."

Ook die werkwoordelike gebruik van **maak** vertoon in HAT (1994:637) 8 polisemiese waardes, teenoor VAW

(1993:476) se enkele betekenisonderskeiding.

Alhoewel voorbeeldmateriaal onontbeerlik by polisemiese lemmas is, moet die kontekste waarin 'n betrokke leksikale item kan optree, nietemin nie met sy betekenisonderskeidings verwar word nie; met ander woorde, die woord se gebruik mag nie tot betekenis verhef word nie.

HOOFSTUK 8

SLOT

Uit die ondersoek na die hanteringswyse van **polisemie** en **homonimie** is vasgestel dat VAW 1993 verskillende woordsoortelike optredes van 'n leksikale item as homonieme beskou (dit word **grammatiese homonimie** genoem), in teenstelling met die korrekte hantering daarvan in HAT 1994. Die probleem is dat gebruikers nie werklike homonimie van VAW 1993 se grammatiese homonimie kan onderskei nie.

Al twee bronne toon ook steeds 'n geneigdheid tot 'n **diachroniese** eerder as 'n sinchroniese indeling. In gevalle waar die Afrikaanssprekende hom nie meer met 'n bestaande Nederlandse betekenisonderskeiding kan identifiseer nie, moet die betrokke geval eerder as homonimie (en nie as polisemie nie) hanteer word. Die etiket (*veroud.*) kan ook hier met vrug gebruik word. Leksikograwe moet hulle ook deeglik vergewis of 'n spesifieke polisemiese waarde werklik nog bestaansreg in 'n Afrikaanse handwoordeboek het.

By die hantering van **doeblette** kan verkeerde betekenisleiding ook deur die oorvleuelende hantering van leksikale items oorgedra word - dit sal die

gebruiker net verwar. In sommige gevalle is kruisverwysings net die regte antwoord; in ander gevalle moet betekenisverklarings en voorbeeldmateriaal die onderskeid tussen doeblytpare duidelik uitlig.

Leksikograwe moet by elke nuwe uitgawe van hul woordeboek **nuutskeppings** en **bykomende betekenis-onderskeidings** aan die gebruiker oordra. Die etiket (*neol.*) kan veral in hierdie opsig met vrag gebruik word. Veral HAT 1994 moet ook poliseemaanduiding konsekwent toepas (vergelyk die gebruik van ook, ook fig. en by uitbr.). Dit sal baie daartoe bydra dat die bron as meer gesaghebbend beskou word.

Leksikograwe moet ook in elke nuwe uitgawe van hul woordeboek let op die **grens tussen polisemie en homonimie** - wat op een stadium van 'n taal se ontwikkeling as polisemiese waardes beskou word, mag dalk in 'n later stadium as homonieme beskou word. Dikwels is sulke polisemiese waardes die laaste een in 'n polisemiese paradigma.

Uit woorde wat dieselfde gespel word, se **etimologie** kan o.a. homonimie vasgestel word in plaas van polisemie. Uit sulke gevalle kom ook na vore dat daar

geen betekenisverband tussen die woorde is nie; dus moet leksikograwe dubbel seker maak van elke woord se taal van oorsprong.

By **samestellings** moet leksikograwe bedag wees op stamme wat van die primêre betekenisonderskeiding weggegroeï het - in sulke gevalle het 'n mens met homonieme te doen. Ook moet gelet word op stamme wat 'n figuurlike betekenis oordra. As die etiket (*fig.*) nie aangegee word nie, word verkeerde inligting oorgedra.

By **fleksievorme** en **enkele afleidings** lyk dit of die wagwoord konsekwentheid behoort te wees. As die ooglopende lemma ook opgeneem word, sal verwarring uitgeskakel en korrekte betekenisleiding aan die gebruiker weergegee word.

Subwoordelike leksikale items dra betekenis, daarom moet sulke items as streeplemmas in handwoordeboeke opgeneem word, en dit moet op 'n spesifieke manier gedoen word ten einde korrekte inligting aan die gebruiker oor te dra.

As 'n **uitdrukking** met 'n betrokke lemma geen betekenisoreenkoms het nie, moet so 'n uitdrukking onder 'n aparte homoniemlemma opgeneem word. Daar moet ook sorg gedra word dat uitdrukkinge nie as polisemiese waardes van woordlemmas aangetoon word nie.

Albei bronne maak van die gebruiklikste **ordeningsmetodes** vir sinchroniese woordeboeke gebruik, maar sorg moet gedra word dat 'n polisemiese waarde nie onder 'n lemma/homoniem geplaas word waarmee dit geen betekenisoreenkoms het nie. Ook sal 'n bron van gesag kan spreek as die ordening van polisemiese waardes konsekwent is. Dit geld veral waar woorde wat na mense, diere en iets dergeliks verwys, dieselfde gespel word, en 'n bevolkingsgroep en sy taal ter sprake is.

Die voorwerke van HAT 1994 en VAW 1993 verskaf geen inligting oor **homoniemordening** nie (dit word ook op lukrake manier gedoen). Daar moet allereers uitgegaan word van gebruiksfrekwensie (etikette kan in hierdie opsig baie help); die hiërargiese metode wat voorgestel is, kan ook aangewend word.

Verwysing (polisemies en homonimies) is 'n baie noodsaaklike leksikografiese hulpmiddel, maar sowel HAT 1994 as VAW 1993 ignoreer dit in 'n groot mate - hierdeur kan verwarrende betekenisleiding oorgedra word.

Die verskaf van voorbeeldmateriaal (wat in sommige gevalle in HAT 1994 en in alle gevalle in VAW 1993 ontbreek) is onontbeerlik by polisemiese lemmas. Leksikograwe moet ook daarop let dat **ensiklopediese inligting** soms oorbodig is, maar in ander gevalle weer noodsaaklik is. Elke polisemiese waarde se ensiklopediese inligting moet dus op meriete hanteer word.

Waar 'n woord **semanties verbleek** het, moet veral daarop gelet word dat die woord se gebruik nie tot betekenis verhef word nie.

Polisemie en **homonimie** in hul veelheid van voorkomste beslaan 'n baie groot deel van woordeboeke; daarom is dit van die grootste belang dat hedendaagse leksikograwe ten volle op hoogte moet wees van dié twee semantiese kategorieë én hoe dit onderverdeel moet word, en belangriker nog: hoe dit toegepas moet word.

Uit hierdie ondersoek is dit heeltemal duidelik dat daar hoegenaamd nie 'n mate van eenvormigheid in die hantering van genoemde semantiese onderverdelings is nie. Ten einde korrekte betekenisleiding te verskaf, sal leksikograwe beslis hieraan meer aandag moet gee.

GERAADPLEEGDE BRONNE

- 9.1 Botha, T.J.R. (Red.). 1989. *Leksikografie en Leksikologie*. Menlopark: Serva-Uitgewers.
- 9.2 De Stadler, L. Polisemie en Homonimie, in Botha, T.J.R. (Red.). 1989. *Leksikografie en Leksikologie*. Menlopark: Serva-Uitgewers.
- 9.3 De Tollenaere, F. & A.J. Persijn. 1984⁹. *Van Dale Nieuw Handwoordenboek der Nederlandse Taal*. Utrecht: Van Dale Lexicografie.
- 9.4 De Villiers, M. et al. 1988⁷. *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou.
- 9.5 Feinauer, A.E. 1995. *Magisterkursus in Afrikaanse Leksikografie*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- 9.6 Gouws, R. et al. 1994. *Basiswoordeboek van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- 9.7 Gouws, R.H. 1983. Polisemie as Leksikografiese Probleem, in Sinclair, A.J.L. (Red.). 1983. *G.S. Nienaber - 'n huldeblyk*. Bellville: UWK-drukkery: 199-205.

- 9.8 Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie*. Pretoria: Academica.
- 9.9 Labuschagne, F.J. & L.C. Eksteen. 1993⁸. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Pretoria: Van Schaik.
- 9.10 Louw, J.P. 1991. Semantiese Norme in die Leksikografie. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* 9(4): 115-118.
- 9.11 Marckwardt, A.H. et al. 1992. *Webster Comprehensive Dictionary*. Chicago: J.G. Ferguson Publishing Company.
- 9.12 Odendal, F.F. 1994. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Doornfontein: Perskor.
- 9.13 Odendal, F.F. 1979. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Doornfontein: Perskor.
- 9.14 Ponelis, F.A. Standaardafrikaans in Oorgang, in Webb, V.N. (Red.). 1992. *Afrikaans ná Apartheid*. Pretoria: Van Schaik.

- 9.15 Schoonees, P.C./Snijman, F.J./ Hauptfleisch, D.C./Van Schalkwyk, D.J. (Reds.) 1951-1994. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Pretoria: Staatsdrukker.
- 9.16 Van der Merwe, H.J.J.M. & F.A. Ponelis. 1991⁷. *Die Korrekte Woord*. Pretoria: Van Schaik.
- 9.17 Vos, I.L. 1992. *Semantiese Norme in Afrikaanse Verklarende Woordeboeke*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van Stellenbosch.
- 9.18 Webb, V.N. (Red.).1992. *Afrikaans ná Apartheid*. Pretoria: Van Schaik.